Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 12
Nommer 1 April 1968



Ondervinding...Durf...Kundigheid...
Beplanning...Ontwikkeling...Vooruitgang.
Hierin lê die grceikrag van Die Federale Groep.

DIE FEDERALE GROEP F V B

VZ&R3999/2A

„Absoluut volmaak – in die praktyk is dit onmoontlik om 'n beter suiwerheidsontleding te verkry". Dit is die Suiwerheidsverslag van die Syndicat de la Distillerie Agricole in Frankryk oor die alkohol wat vir Oude Meester gebruik word.

VAN HOOGSTE REINHEID

Vandag word 'n spesiaal ingevoerde seskolom-distilleerketel gebruik om elke spoor van aldehides en foeselolies te verwyder – om 'n alkohol van absolute suiwerheid vir Oude Meester te verkry. Hierdie suiwerheid het aan Oude Meester die eer besorg om op die Halfeeuse Wyntentoonstelling in Londen as die beste brandewyn bekroon te word.

Oude Meester

Likeurbrandewyn

DIE WÊRELD SE BESTE BRANDEWYN

★ ★ ★ ★ ★

Hy verspil geen minuut nie, tog weet hy
wanneer om 'n halfuur uit te span.
Hy bereken sy tyd in rand en sent
maar mense meet hy aan ander waardes.
Sy ondernemings groei groot in die land
en sy besluite is raak.
As hy oor geldsake praat, luister ander.

Dink ons miskien dat ons hom en manne soos hy met lewensversekering kan vervang?
Nee.
Maar die uitbouing van sy planne kan ons steun, sy gesin se brood beskerm.
En dit doen ons.

SANLAM
-lewensversekering
dien deur beskerming

Mnr. H. J. Coetzee, rekenmeester van Potchefstroom, bespreek sy lewensversekering met mnr. G. Booysens, 'n verteenwoordiger van Sanlam, Potchefstroom.

VZ&R1086/2A



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat sowat driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, produseer reeds teen 'n peil van naasteby 3,000,000 gietblokton per jaar . . . en die syfer styg nog steeds.

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, is YSKOR tans besig met 'n uitbreidingskema wat honderde miljoene rand sal kos en beplan is om sy jaarlikse produksievermoë te verhoog tot meer as 5,000,000 gietblokton teen 1970.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria, asook verskeie mynsentrums, omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word. Die Korporasie het ruimskoots vir die welsyn van sy werknemers voorsiening gemaak.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

GEE 'N MAN 'N LUCKY!

Verkrygbaar in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 12 NO. 1 APRIL 1968

In hierdie Uitgawe

T. E. Dönges · B. J. Vorster · H. B. Thom · J. J. Fouché, 7
Radaksioneel
Opvoedende Opleiding Noodsaaklik, 8
R.A.U., 9
Eritropoëtien en Niere, 9
Ons eer hul Nagedagtenis, 10
Gradeplegtigheid: 8 Desember 1967, 11
Eredoktorsgrade, 12
Doktorsgrade, 13
Gradeplegtighede van Desember 1967, 17
Stipendia, Medaljes, Beurse, 17
Universiteitsnuus
Amptelike Opening van Akademiese Jaar, 19
Nuwe Geboue vir Ingenieurs, 21
Die Universiteitskoor, 21
Mercator huldig Prof. C. G. W. Schumann, 22
Kursusse: M.B.A., 24
Nagraadse Diploma Buitengewone Onderwys, 25
Aanstellings en Bevorderings, 26
Poste in die Departement van Ontwikkeling, 27
Dosente Oorsee, 30
Ons Neem Afskeid, 31
Nuwe Kampusse van U.S., 32
Besoekers
Franse Geneeshere met Besoek, 33
Stellenbosch – 'n Suid-Afrikaanse Coimbra, 34
Die Ingenieurs Vergader, 34
Gelukwense, 35
Oud-Maties
Matiedames van 1910 tot 1917, 36
Verskuiwing van Datums, 37
Oud-Matie Skryf 'n Musiekdramatiese Werk, 37
Die Dr. H .F. Verwoerd-Studiefonds, 38
Toneeltjies uit die Karnaval, 40

VOORBLADFOTO

Eerbiedige hulde aan die ontslape Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, wyle dr. T. E. Dönges.
[Die Universiteitsvlag waai halfmas voor die Administrasiegebou.]

T. E. DÖNGES B. J. VORSTER H. B. THOM J. J. FOUCHÉ

GRADEDAG 9 DES. 1966 TE STELLENBOSCH

Onbewus van toekomstige gebeure staan die opvolgers van wyle dr. T. E. Dönges, aan wie hy so pas ere-doktorsgrade toegeken het, aan sy sy: Sy Ed. dr. B. J. Vorster (Kanselier) en Sy Ed. dr. J. J. Fouché (Staatspresident).

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

betuig diepe meegevoel met die gesin van dr. Dönges en bring dankbare hulde aan sy Oud-Kanselier, Sy Ed. THEOPHILUS EBENHAËZER DÖNGES, M.A. (Stell.), LL.D. (Lond.), D.Phil. (h.c) (Stell.) (8 Maart 1898–10 Januarie 1968);

en

verwelkom sy nuwe Kanselier, Sy Ed. B. J. Vorster, B.A., LL.B. (Stell.), D.Phil. (h.c.) (Stell.), Eerste Minister;

en

bring eer en beste wense oor aan die tweede STAATSPRESIDENT VAN SUID-AFRIKA, Sy Ed. J. J. FOUCHÉ, D.Phil. (h.c.) (Stell.).

Opvoedende Opleiding Noodsaaklik

In die loop van jare is deur sommige mense heelwat siniese spitsvondighede kwytgeraak oor die vermenigvuldiging van blote kennis sonder dat verfyning van die gees daarmee gepaard gaan.

Ons is bekend met uitdrukkinge soos : geleerde barbare; hoe geleerder, hoe verkeerder; hoe groter gees, hoe groter bees; geleerdheid is in die hande van 'n dwaas soos 'n skeermes in die hande van 'n aap – en selfs Salomo kla, want „aan baie boeke maak, kom geen einde nie".

Binne die omvang van die moeilik defineerbare woord *kennis* is die reële krag van atoomontploffings aanwesig, daarom is dit so dringend dat groot kennis getemper moet word deur geestelike verfyndheid.

Die behoefte aan tal van deeglik opgeleide jong manne en vroue styg steeds vinniger maar by regskape mense daag ook al hoe meer die besef dat die *opgeleide* mens uiteindelik ook 'n *opgevoede* mens moet wees.

Selfs 'n hond word opgelei om take te verrig wat 'n redelike mate van intelligensie vereis, maar die hond wat die blinde lei, moet 'n *bedagsame* dier wees wat in 'n bepaalde situasie sy blinde baas kan help. En as dit van so 'n dier waar is, hoeveel meer is dit nie van 'n mens waar nie!

Die leuse van die Universiteit van Stellenbosch bevat nog steeds 'n diepsinnige waarheid : *Pectora roborant cultus recti.* Ons land het die grootste behoefte aan *jongmense wie se karakter versterk is deur die regte opvoeding.*

Die aspek van opvoeding is op verskeie geleenthede en ook in die jongste verlede, sterk beklemtoon deur leidende figure van die Universiteit van Stellenbosch.

In sy boodskap met die gradeplegtigheid aan die einde van 1967, en weer in sy verwelkoming van die eerstejaars aan die begin van 1968, het die Vise-Kanselier, dr. J. S. Gericke, dit duidelik gestel dat die Universiteit in 'n tradisie van 'n eeu sekere standaarde vasgelê het wat met die tyd tot rypheid gegroei het, deur die jare getoets is en nou as norme aanvaar word.

Hy het die nuwe studente hartlik verwelkom en die hoop uitgespreek dat daar tussen student en leermeester ook 'n vriendskapsband sal ontstaan, dat die nuwelinge hulle studentedae sal geniet en die studentevoorregte sal gebruik. Hy het ook die waarskuwing laat hoor dat streng opgetree sal word teen diegene wat hulle geleenthede en voorregte misbruik.

Die Rektor, prof. dr. H. B. Thom, het aan die nuwelinge die groot voorreg van studentwees, by name op Stellenbosch, beklemtoon – veral as gedink word aan die bykans duisend voornemende jong studente uit alle dele van ons land, wat graag hier wou gewees het, maar vanweë 'n gebrek aan akkommodasie nie deur die Universiteit aanvaar kon word nie.

Die Rektor het vervolg dat dit van Stellenbosse studente verwag word dat hulle hul geleenthede sal gebruik om voortdurend gedagtes te wissel, om ernstig te studeer, om na te vors en om ná onafhanklike denke en besonke oordeel, tot eie gevolgtrekkinge te kom.

Anders kan daar op die kampus miskien wel volmaakte dissipline heers, maar dit kan ook die dissipline van die kerkhof wees – wat niemand verlang nie!

Verskil van mening, het prof. Thom besluit, kan goed wees, so lank dit binne die perke van wet en orde bly en steeds volksgebonde is.

NUWE RAADSLEDE

Mnr. F. D. Conradie, L.U.K., en dr. G. S. J. Kuschke, besturende direkteur van die Nywerheidontwikkelingskorporasie, is twee nuwe lede wat onbestrede tot die Raad van die Universiteit van Stellenbosch gekies is.

Drie sittende lede, t.w. dr. A. E. Rupert, prof. F. D. du T. van Zijl en prof. W. J. Pretorius is onbestrede herkies.

Redaksioneel

R. A. U.

Vir hoër onderwys aan die Witwatersrand is 1968 'n besondere jaar weens die opening van Die Randse Afrikaanse Universiteit.

Prof. G. van N. Viljoen, Rektor van die jongste Afrikaanse Universiteit, het prof. H. B. Thom, Rektor van die oudste Afrikaanse Universiteit, gevra om die heildronk op die R.A.U. in te stel tydens hulle feestelike verrigtinge op 24 Februarie.

Hier volg die woorde van die sierlike adres wat dr. J. S. Gericke, Vise-Kanselier, namens die Universiteit van Stellenbosch aangebied het:

Die Raad en die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch begroet met vreugde die Randse Afrikaanse Universiteit. Dat nog 'n universiteit in Suid-Afrika in die lewe geroep word, en dat dit by name 'n *Afrikaanse* universiteit kan wees, is 'n buitengewoon gewigtige gebeurtenis.

Die Universiteit van Stellenbosch, as oudste Afrikaanse universiteit, wens sy jongste suster-inrigting volgehoue sukses en voortdurende seën toe. Dit is sy diepe begeerte dat die Randse Afrikaanse Universiteit van krag tot krag sal gaan, om steeds groter bydraes tot die ontwikkeling van die gees en die opbou van die karakter van ons volk te lewer. Ons weet dat hy die vertroue wat sy stigters in hom stel, waardig sal wees; en ons vertrou van harte dat die seënwense wat die ouer universiteite aan hom oorbring, oorvloediglik sal word.

Mag die Randse Afrikaanse Universiteit in der waarheid altyd wees en bly 'n egte bolwerk van die wetenskap, 'n gesonde krag in ons volkslewe, en 'n toegewyde dienskneg van die Here.

ERITROPOËTIEN EN NIERE

Die niernavorsers van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch het so pas by die Karl Bremer-hospitaal vasgestel dat die hormoon, eritropoëtien, wat die vervaardiging van rooi bloedselle in die liggaam beheer, nie net in die niere vervaardig word nie.

Hierdie kennis sal van groot waarde wees vir navorsing oor bloedarmoede, bloedkanker en die verwerpingsreaksies by mense wat orgaanoorplantings ondergaan.

Prof. Edwin A. Mirand, assistent-direkteur van die kankernavorsingsentrum, Roswell Park Memorial Institute te Buffalo, V.S.A., het spesiaal uit die V.S.A. gekom om die omstandighede waaronder die ontdekking gedoen is, te bestudeer.

Dr. G. P. Murphy van die Johns Hopkins Hospitaal in die V.S.A. werk saam met die navorsers van die Universiteit Stellenbosch.

(Die mediese kode verbied dat die name van die S.A. medici genoem word. Red.)

Prof. E. A. Mirand

Ons Eer Hul Nagedagtenis

DR. P. J. DU TOIT

Dr. Du Toit was 'n wêreldbekende natuurgeleerde en baie jare direkteur van die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde by Onderstepoort. Hy is op 13 November 1967 in die ouderdom van 79 jaar oorlede.

Dr. Du Toit is in 1888 in Die Strand gebore. In 1907 het hy die graad B.A. in dierkunde met lof aan die Victoria-Kollege te Stellenbosch verwerf. Daarna het hy in Halle, Berlyn en Zürich gestudeer en in 1912 sy eerste doktorsgraad op die ouderdom van 24 jaar behaal.

In 1916 het hy die doktorsgraad in veeartsenykunde met lof verwerf oor die Morfologie van Runderagtige Bloed. Daarna het hy nog verskeie standaard naslaanwerke geskryf. In 1927 het hy Sir Arnold Theiler opgevolg as dekaan van die fakulteit van veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria en in dieselfde jaar direkteur van die Laboratorium vir Veeartsenykundige Dienste by Onderstepoort geword.

Dr. Du Toit was een van die stigters en elf jaar lank voorsitter van die Wetenskaplike Raad vir Afrika Suid van die Sahara.

In 1931 het die Universiteit van Stellenbosch 'n eredoktorsgraad in die Landbouwetenskap aan hom toegeken as erkenning vir sy werk. Verskillende ander universiteite het hom op dieselfde wyse vereer.

PROF. A. P. F. L. ENGELEN

(20 Des. 1912–3 Des. 1967)

Ons kan dit nog nie glo nie. Die doodsberig het ons verstom. Prof. Fred Engelen, onbetwisbare leier, organisator en onvermoeide dryfkrag van die toneellewe . . .

In Vlaandere was hy baie aktief as toneelleier. Sy talryke hoogtepunte as regisseur is 'n tydperk van positiewe Vlaamse toneelgeskiedenis.

Dit bly 'n raaisel waarom so 'n persoon in 1961 sy land verlaat het om na Suid-Afrika te gekom het. In die laaste ses jaar is hy as 'n pionier leer ken met die organisasie van die beroepsteater, die oprigting en leiding van 'n volwaardige dramadepartement aan die Universiteit van Stellenbosch waar die ultra-moderne teater tot sy beskikking was.

Hy was vol nuwe planne, ook vir die oprigting van 'n filminstituut aan die Universiteit. Die produksie vir 1968 was ook reeds volledig beplan.

Die mens wik, maar God beskik. In volle kragsontplooiing is hy gevel.

Prof. Engelen het gewerk met 'n ongelooflike dinamisme. In sy ywer het hy elkeen meegetrek en as 'n vader gelei en beskerm.

Hy het ons verbluf met sy ervaring, en praktiese handigheid as regisseur en massaskouspelleier, met sy artistieke aanvoeling en uitbeeldingskrag.

'n Gesin, Vlaandere en Suid-Afrika treur oor hom.

Die goeie en die skone wat in hom was, besiel hulle wat die werk voortsit.

DR. B. DE HAECK

DR. J. R. ALBERTYN

Dr. Johannes Rudolf Albertyn, wat vroeër die Armesorgsekretaris van die Transvaalse Kerk en eerste sekretaris van die Federale Armesorgraad van die N.G. Kerk was, is op 14 November 1967 oorlede. Hy is op 6 Augustus 1879 gebore op Middelburg (K.P.).

Vyf kinders oorleef hom nog nl. Rudolf, afgetrede onderwyser van Bellville; Bernard, hoof van die inkomstekantoor te Pietermaritzburg; Golly van die Departement van Volkswelsyn in Kaapstad; mev. Henriette Louw van Monte Vista en mev. Kittie Petousis van Rondebosch.

Na dr. Albertyn se studie aan die Kweekskool op Stellenbosch het hy die B.D.-graad aan die Universiteit van Princeton behaal.

Dr. Albertyn het hom veral beywer vir die redding van die arm Afrikaner en die behoud van die verstedelikte Afrikaner. Van 1929 tot 1932 het hy in die Carnegie-kommissie gedien om die vraagstuk van blanke armoede in S.A. te ondersoek en van 1943 tot 1946 was hy voorsitter van die kommissie van ondersoek van die Gefedereerde N.G. Kerk van S.A. na ekonomiese, geestelike en maatskaplike toestande onder die Afrikaners in die nege grootste stede van S.A.

Gradedagplegtigheid: 8 Desember 1967

DIE VISE-KANSELIER AAN DIE WOORD:

Die vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, het ernstige woorde wat 'n herbevestiging van die Universiteit se beleid was, aan die gehoor van ouers en studente gerig.

OPBOUENDE KOERANTE

Hy het waardering uitgespreek teenoor dié blaaie wat berig gee van die mooi en bemoedigende sake op Stellenbosch soos o.a. die berigte oor die studente se kerkbesoek en hul ywer vir die sending. So 'n blad kan nie kwalik geneem word wanneer hy ook sy vinger lê op wat swak en lelik is nie.

Dr. Gericke laak dit wanneer koerante ordentlike jongmense, op wie in die toekoms moet gereken word, in hul eer en aansien aantas deur joernaliste wat net aan die miswurm publisiteit gee en die blom nie raaksien nie.

AFBREKENDE ELEMENTE

Daar is in elke gemeenskap en studentegemeenskap mense wat hulself te buite gaan en miskien selfs doelbewus 'n deurbraak wil bewerkstellig in die gevestigde karakter en koers van die Universiteit.

KOERS EN KARAKTER

„Laat my dit vanmôre hier onomwonde stel dat die Universiteit van Stellenbosch sy koers en karakter vasgelê het oor 'n tydperk van meer as honderd jaar; dat die universiteitsowerheid 'n beleid het in ooreenstemming met hierdie koers en karakter en dat die Universiteit nie sal toelaat dat hy meegesleur word deur die soort winde van verandering wat reeds elders oor die wêreld soveel verwoesting onder die studerende jeug gesaai het nie."



Die Rektor en Vise-Kanselier saam met die Ere-graduandi.
V.l.n.r.: Prof. H. B. Thom (rektor), sy edele dr. H. Muller (D.Phil h.c.), prof. C. G. S. de Villiers (D. Phil h.c.), dr. A. D. Wassenaar (D. Comm. h.c) en dr. J. S. Gericke (vise-kanselier).

DIE DURE ROEPING

„Dit gaan vir hierdie universiteit nie in die eerste plaas om sy goeie naam nie, maar om sy dure roeping en taak om in 'n wêreld wat al hoe meer sy sedelike en geestelike ankers kwyt raak, met ferme hand vas te hou aan die waardes waarin ons glo."

Eredoktorsgraad: D.Phil. (h.c.)

PROF. C. G. S. DE VILLIERS

Prof. C. G. S. de Villiers – of „dr Con", soos sy oud-studente en ander vriende hom met agting en liefde noem – is Overberger van herkoms: dit is immers in Caledon se wêreld dat hy sy kinder- en jeugjare deurgebring het. (Geb. 16 Desember 1894). Nadat hy die M.A.-graad op Stellenbosch verwerf het, het hy 'n tyd lank as lektor aan die ou Transvaalse Universiteitskollege gewerk. Daarna is hy na die Universiteit van Zürich, waar hy 'n doktorsgraad in die Soölogie verwerf het, om vervolgens op nege-en-twintigjarige leeftyd professor op Stellenbosch te word.

Hier op Stellenbosch het hy met verloop van jare 'n Departement van Soölogie opgebou, wat in Suid-Afrika inderwaarheid 'n model-departement geword het. Sy oud-studente het weldra sleutelposisies dwarsdeur ons land beklee, terwyl hyself in Suid-Afrika, en ook vanuit die buiteland, die hoogste wetenskaplike erkenning, by wyse van erepennings en uitnodigings, ontvang het. Sy eie vakgebied het hy op ruime wyse met die resultate van sy oorspronklike navorsingswerk verryk.

Bowendien het hy op die kulturele terrein werk van blywende betekenis verrig. Honderde jongmense het hy deur sy grondige studie en intensiewe beïnvloeding tot 'n liefde en waardering van goeie musiek gevoer; en die Afrikaanse drama het hy deur sy eie vertaling van groot dramas uit vreemde tale en deur sy eie regie daarvan, op treffende wyse verryk. Veral in die jongste jare het hy, deur sy boeiende letterkundige produkte, die Overberg en die Overbergse mense op sprekende wyse laat leef en herleef.

'n Volle, ryke gees soos dr. Con de Villiers is in Suid-Afrika – en inderdaad in die hele wêreld – voorwaar 'n seldsaamheid. Ek dra hiermee 'n groot man vir bekroning voor, tewens 'n man met 'n verfynde, ryke intellek en gees, 'n briljante oud-student van ons Universiteit. H. B. THOM (Rektor)

Eredoktorsgraad: D.Comm. (h.c.)

DR. ANDREAS DALEIN WASSENAAR

Dr. Andreas Dalein Wassenaar, wat in die jaar 1908 die lewenslig in Middelburg, Transvaal, aanskou het, het na sy skooljare – en gedurende sy universiteit-

studie – ook opleiding as vlieënier ontvang, en daarna 'n tyd lank in die lugmag militêre diens verrig. Sy groot belangstelling het egter in die rigting van die aktuariële studie gelê, waarvoor hy na Skotland gegaan het en aldus een van die eerste groepie Suid-Afrikaners geword het wat hulle as aktuarisse bekwaam het.

Afgestudeer in hierdie rigting, het hy aan die einde van 1935 in Suid-Afrika teruggekeer om by SANLAM in diens te tree. Deur toewyding en noeste arbeid het hy snelle opgang gemaak: op 40-jarige leeftyd was hy reeds Hoofbestuurder, en daarna het hy Besturende Direkteur en ook Voorsitter van SANLAM geword. 'n Mens sou hier 'n lang lys kon noem van die maatskappye, buite SANLAM om, in die direksies waarvan dr. Wassenaar dien, bv. Santam Bank, Federale Volksbeleggings, Federale Nywerhede, Federale Beleggingskorporasie, Federale Mynbou, General Mining and Finance Corporation en nog verskeie ander, maar dit is reeds genoeg om as bewys van sy buitengewone prestasies op sakegebied te dien.

Hy is tewens 'n aktiewe lid van 'n hele aantal invloedryke liggame, wat op wetenskaplike en kulturele terreine werk van die allergrootste belang doen: die Nasionale Ontwikkelings- en Bestuursgenootskap, die Suid-Afrika-Stigting, die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, en die Afrikaanse Handelsinstituut wat hy verskeie jare as voorsitter gedien het. Ook op die gebied van ons universiteite het hy 'n groot krag geword: hy is lid van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika en Voorsitter van die Raad van die Universiteit van Port Elizabeth; en hy het op 'n verskeidenheid van terreine die belange van al ons Suid-Afrikaanse universiteite help bevorder.

Andreas Wassenaar is vir ons die toonbeeld van dinamiese werkkrag; van stipte, opregte eerlikheid in sy meningsuiting; en van onkreukbare toewyding aan 'n ideaal. Hy verteenwoordig die beste wat die Afrikaner op die gebied van die sakelewe opgelewer het.

H. B. THOM (Rektor)

Eredoktorsgraad: D.Phil. (h.c.)

SY ED. DR. HILGARD MULLER

Dr. Hilgard Muller (geb. 4 Mei 1914) het as student 'n briljante loopbaan gehad: aan die universiteit van Pretoria en Oxford het hy met groot welslae in die Klassieke gestudeer; hy is vervolgens as dosent in Pretoria aangestel, en hy het ook etlike publikasies op die gebied van die Klassieke die lig laat sien.

Hy het hom egter reeds vroeg tot die openbare lewe aangetrokke gevoel. Weldra word hy senior vennoot in 'n bekende prokureursfirma in Pretoria; hy word verkies tot lid van die stadsraad, en van 1953–1955 is hy burgemeester van ons administratiewe hoofstad. Teen hierdie tyd het hy ook reeds 'n sterk belangstelling vir die staatkundige lewe geopenbaar. Hy word gekies as volksraadslid vir die kiesafdeling Pretoria-Oos; en enkele jare later word hy ons Ambassadeur in Londen. Na enige jare van buitengewone suksesvolle arbeid in hierdie hoedanigheid keer hy na Suid-Afrika terug om dr. Eric Louw as Minister van Buitelandse Sake, en tegelyk ook as volksraadslid vir die kiesafdeling Beaufort-Wes, op te volg.

As Minister van Buitelandse Sake het dr. Muller vir Suid-Afrika werk van diepgaande betekenis gedoen. Nie alleen het hy die Republiek verskeie kere met waardigheid, insig en deursettingsvermoë, in die V.V.O. verteenwoordig nie, maar hy het veral ook – in aansluiting by die standpunt van die Eerste Minister – met groot takt en oortuiging 'n beleid van weloorwoë, ferme uitwaartse optrede geloods, waardeur in korte tyd egte respek en vriendskap vir ons land in baie oorde afgedwing is.

Deur dit alles heen het hy sy ernstige belangstelling vir ons universiteite en hulle werk steeds behou. Hy is self Kanselier van die Universiteit van Pretoria; en dit is ons begeerte dat die gebaar wat Stellenbosch teenoor hom maak, ook as 'n gebaar van welwillendheid teenoor ons noordelike suster-universiteit gesien sal word.

In Hilgard Muller begroet ons die fyne, indringende, akademiese gees; die versigtige, billike, toegewyde staatsman; en bowendien die vriendelike, opregte, nederige mens.

H. B. THOM (Rektor)

Doktorsgrade

Mej. Elizabeth Margaretha Nel het die graad D.Phil in Sielkunde verwerf met 'n proefskrif getitel: „Die verband tussen die Bloedcholesterolinhoud en Persoonlikheidseienskappe – 'n Eksperimentele Studie".

Dr. Nel is in die Klerksdorpse distrik gebore en is die oudste dogter van mnr. en mev. F. H. J. Nel van Magogong. Dr. Nel, wat tans lektrise in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch is, het verlede jaar oorsee vertrek en doen tans met 'n beurs navorsing aan die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles op die gebied van die Sosiale Sielkunde.

Gerhardus Paulus Jordaan het die graad D.Phil in Maatskaplike Werk verwerf met 'n proefskrif oor:

E. M. Nel

G. P. Jordaan



H. H. Spangenberg



E. L. P. Stals

„Die taak van die Gesinsorganisasie met betrekking tot die Lewensonderhoud van die Finansieel-hulpbehoewende en Sorgbehoewende Blanke Kind in Suid-Afrika".

Dr. Jordaan is gebore op Napier en is die seun van wyle mnr. en mev. Gert Jordaan. In 1965 is hy aangestel as Sekretaris van Inrigtingsorg van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die N.G. Kerk in Kaapland.

Dr. Jordaan is in 1955 getroud met mej. H. Wium van Stellenbosch. Die egpaar het vier kinders. Hy is die broer van prof. dr. P. G. Jordaan, hoogleraar in Plantkunde, aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hermann Henry Spangenberg, lektor in Sielkunde aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland in Bellville, het die graad D.Phil in sielkunde verwerf met 'n proefskrif getitel: „Die Keuring van Kleurlingbusbestuurders". Die ondersoek is uitgevoer op versoek van die Nasionale Padveiligheidsraad.

Dr. Spangenberg is op Nieuwoudtville gebore en het in 1957 aan die Hoërskool Swartland in Malmesbury gematrikuleer. Hy is getroud met mej. Judora Roux. Die egpaar het een seun.

Ernst Lodewicus Paul Stals, het die graad D.Phil. in Geskiedenis verwerf met 'n proefskrif getitel: „Die aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850–1915". Vir dié doel van sy tesis het hy navorsing gedoen in Windhoek, Ovamboland, Kaapstad en Pretoria. Hy het ook argiewe in Wuppertal-Barmen, Wes-Duitsland en in Helsinki, Finland besoek om gegewens in te samel. Mnr. Stals is in 1937 op Pofadder gebore.

Hy is in 1962 aangestel as lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n betrekking wat hy tans nog beklee.

Dr. Stals is getroud met mej. Aletta Barry, 'n dogter van mnr. en wyle mev. Roelou Barry van Robertson. Die egpaar het een dogtertjie.

Bouwer Bouwer het die graad D.Comm. verwerf op die proefskrif „'n Statistiese Ontleding en Waardering van die Opinie-Opname-metode soos toegepas deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch".

Dr. Bouwer is in 1936 gebore en het sy hele skoolopleiding aan Gill-Kollege op Somerset-Oos ontvang. In 1959 is hy aangestel as lektor in Wiskundige Statistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1965 is hy bevorder tot senior lektor.

Dr. Bouwer is getroud met mej. Susanna van Niekerk. Die egpaar het 'n dogter en 'n seun.

Helgaard Petrus Muller, senior lektor in Bedryfsielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, het die doktorsgraad in Bedryfsielkunde behaal met 'n proefskrif getitel: „Sosiale Verhoudinge en Werkverrigting van twee groepe Suid-Afrikaanse Nywerheidswerkers – 'n Vergelykende Studie".

Dr. Muller het in Heidelberg, Tvl. opgegroei en in 1955 aan die Hoër Volkskool aldaar gematrikuleer. Hy is sedert 1960 verbonde aan die personeel van die Universiteit van Stellenbosch, aanvanklik as junior lektor, daarna as lektor en sedert 1964 as senior lektor.

Ockert Tobias de Villiers, senior lektor in Plantfisiologie/Biochemie aan die Universiteit van Pretoria, het die graad D.Sc. in Plantfisiologie verwerf met 'n proefskrif getitel: „'n Studie van Sorbitolmetabolisme in Santa Rosa-Pruime, met verwysing na inwendige verval".

Dr. De Villiers is in die Paarl gebore en in 1955 het hy aan die Hoër Jongenskool gematrikuleer. Vanaf

1961 tot 1967 was hy as Senior Navorsingsbeampte verbonde aan die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie op Stellenbosch. Sedert Oktober 1967 is hy senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. Dr. De Villiers is getroud met mej Tertia du Toit. Die egpaar het een dogtertjie.

Jan Gottlieb Malan, navorser verbonde aan die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite te Faure, het die graad D.Sc. in Fisika verwerf met 'n proefskrif oor „Neutronverstrooiing van La-139 en Pr-141".

Mnr. Malan is in 1940 in die Paarl gebore en is 'n seun van mnr. en mev. D. H. Malan van die plaas Diamant in Suider-Paarl. Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy die grade B.Sc. (1961), Hons.-B.Sc. (1963) en M.Sc. (1964) almal met lof, behaal. Hy het sy studie in die eksperimentele kernfisika aan die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite met 'n beurs van die Raad op Atoomkrag voortgesit. Vanaf 1968 is hy aangestel as Navorsingsbeampte in die Afdeling Kernfisika van die R.A.K. te Pelindaba. Dr. Malan is getroud met mej. Anita Botha, 'n dogter van mnr. en mev. G. F. Botha, L.P.R., van Ermelo.

René Pretorius, navorser verbonde aan die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite, is die eerste persoon in Suid-Afrika wat 'n doktorsgraad in Kernchemie behaal op grond van navorsing wat uitsluitlik in Suid-Afrika gedoen is. Die proefskrif is getitel: „The determination of Stable Calcium Isotopes by Nuclear Methods". Wanneer radio-aktiewe kalsium isotope gebruik word as spoorders in mediese studies word die pasiënt noodwendig blootgestel aan skadelike bestraling. Hierdie gevaar kan egter uitgeskakel word deur stabiele isotope van kalsium te gebruik as spoorder.

Dr. Pretorius is die jongste seun van mev. en wyle mnr. J. Pretorius. Sy vader was in lewe skoolhoof te Komga. Sedert 1964 is hy verbonde aan die personeel van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite. Hy vertrek in 1968 na die V.S.A. waar hy in samewerking met die National Aeronautics and Space Ad-

B. Bouwer



H. P. Muller

O. T. de Villiers

J. G. Malan



R. Pretorius

I. C. Rust

B. E. Eisenberg

J. E. Nel

M. B. von Wechmar

L. M. Lewis

ministration, navorsing sal doen met die oog op die ontleding van die oppervlakte van die maan.

Dr. Pretorius is getroud met mej. Marena Heyneman van Lambertsbaai. Die egpaar het een seuntjie.

Isak Cornelis Rust, senior lektor in Geologie aan die Universiteit van Stellenbosch, het die graad D.Sc. in Geologie behaal met 'n proefskrif getitel: „On the Sedimentation of the Table Mountain Group in the Western Cape Province".

Dr. Rust is die seun van mnr. en mev. A. C. Rust van die Paarl. In 1959 het hy die graad M.Sc. (cum laude) behaal met 'n studie oor die Molteno-formasie. Hy is daarna aangestel as lektor in Geologie aan die Universiteit van Stellenbosch en het sy studie onder die leiding van wyle prof. M. S. Taljaard voortgesit. Na die dood van prof. Taljaard het prof. S. Maske (Universiteit van Stellenbosch) en prof. J. de Villiers van die Prekambriese Navorsingseenheid aan die Universiteit van Kaapstad, die promotorskap oorgeneem.

Dr. Rust is getroud met mej. Jouna Retief van Koringberg. Die egpaar het twee seuns.

Benjamin Elieser Eisenberg het die graad Ph.D. (Landbou) verwerf met 'n proefskrif oor: „Estimating the Breeding Potential of Barley Varieties". Mnr. Eisenberg, wat tans senior vakkundige beampte in die departement Landbou-tegniese Dienste op Stellenbosch is, se proefskrif handel oor die verbetering van die doeltreffendheid van produksie.

Dr. Eisenberg is te Bethlehem in die O.V.S. gebore en het in 1949 aan die Hoërskool Aberdeen gematrikuleer. Hy is in 1958 aangestel as plantteler in die Departement van Landbou om by die Welgevallen proefplaas hawer- en garsteelprogramme te behartig.

Mnr. Eisenberg is getroud en die egpaar het twee kinders.

Johannes Eckard Nel, dosent aan die Landboukollege Grootfontein te Middelburg, K.P., het die doktorsgraad in Landbou verwerf met 'n proefskrif oor: „Die invloed van kuddesamestelling op produksie- en reproduksiekenmerke van Merinoskape".

Dr. Nel is in 1931 te Niekerkshoop gebore en het in 1958 die graad M.Sc. Landbou (rigting Veeteelt) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Sedert 1956 is hy as dosent en navorser in die Merinoskaapteelt verbonde aan die Landboukollege Grootfontein te Middelburg, K.P.

Dr. Nel is getroud met mej. Johanna Vos. Die egpaar het drie kinders.

Mej. Marie Barbara von Wechmar het die doktorsgraad in Landbou behaal met 'n proefskrif oor virussiektes wat by graangewasse in Suid-Afrika voorkom.

Dr. Von Wechmar is op Stellenbosch gebore en het in Februarie 1961 die graad M.Sc. in Landbou met 'n verhandeling oor die *Septoria*-siektes by koring verwerf. Na haar terugkeer van studieverlof in Duitsland het sy haar toegelê op 'n studie van virussiektes wat by graangewasse in Suid-Afrika voorkom.

Die studie het die eerste bewyse gelewer dat virussiektes wyd verspreid onder Suid-Afrikaanse graangewasse voorkom en het aangetoon dat aandag gegee moet word aan weerstandsteling teen graanvirussiektes.

Dr. Colin Michael Lewis, permanente navorsingsbeampte verbonde aan die Degenerasie Siektetoestande Navorsingsgroep by die Karl Bremer-hospitaal, het die graad Ph.D. (Med.) verwerf met 'n proefskrif getitel: „Koronêre Bloedvloei en Miokardiale Energiemetabolisme by Geïsoleerde Linker en Regter Ventrikulêre Hipertrofie".

Dr. Lewis het in 1954 aan die St. George's Grammer School, Kaapstad, gematrikuleer en die grade M.B., Ch.B. aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Sedert 1961 is hy verbonde aan die Karl Bremer-hospitaal en sedert 1962 is hy navorser in 'n Navorsingsgroep van die W.N.N.R. en die Universiteit van Stellenbosch. In 1967 het hy die F. D. du T. van Zijl-Medalje aan die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch verwerf vir 'n voordrag by geleentheid van die Akademiese Jaardag.

Dr. en Mev. Lewis het op 15 Desember 1967 na die V.S.A. vertrek waar hy 'n volle jaar lank verdere studie van kroonaar-bloedvloei met spesiale klem op pasiënte met primêre hartspieraandoening sal doen.

Gradeplegtighede van Desember 1967

Tol de Villiers skryf in „Die Burger" van Maandag, 11 Desember 1967 o.a.:

DIE LEKKERSTE

Die lekkerste oomblik van so 'n geleentheid? Seker wanneer jou eie kind (of kleinkind, want daar was heelwat oupas en oumas in die gehoor) op die verhoog staan om bekroon te word.

Maar byna net so lekker is dit om 'n kind met 'n bekende van te sien opstap en dan skielik 25 jaar terug verplaas te word. Daardie Pauw-dogter lyk dan op 'n afstand nes Barlo Retief gelyk het toe ons saam op universiteit was; sy moet mos Barlo en Theo se kind wees. En dan sien jy haar ná die plegtigheid by Theo en Barlo staan, en jy weet dat jy reg gekyk het.

As jy dan ook 'n Van Huyssteen-dogter sien wat net Hester Morrison se dogter kan wees, en jy gewaar vir Wynand en Hester, het jy nóg 'n slag reg gekyk; en daar kom 'n Jan Hendrik Hofmeyr die verhoog op, en geen mens kan daaraan twyfel dat hy Jan en Tibbie se seun is nie – dis dan dat dit éérs lekker is om weer by 'n gradedag op Stellenbosch te wees. Dan vergeet 'n mens sommer dat jou hare intussen gryser en jou middel omvangryker geword het, en jy dink met grote genot terug aan die dae toe jy en jou maats self jul graad gekry het.

SPRINGBOKSENTER

Eben Olivier, springboksenter ontvang die kap vir die graad Hons. B.A. (Geografie).

ONVERGEETLIK

Niemand wat daar was, sal gou die oomblik vergeet toe Bie Engelen, dogter van wyle prof. Fred Engelen, haar graad ontvang het nie.

Dit was asof almal in die saal, net deur die hande te klap, aan mej. Engelen wou vertel hoe elkeen besef dat die vreugde van die prestasie haar ontneem is deur haar vader se heeltemal onverwagse dood en haar moeder se afwesigheid omdat sy staan by die oorsese graf.

Stipendia en Medaljes vir 1967

A. STIPENDIA

1. *Croll-stipendium* (R1,200 p.j. vir 2 jaar)
   Kandidate uit die afdelings Engels, Afrikaans-Nederlands, Bantoetale, Geografie, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Bedryfsielkunde, Rekeningkunde, Statistiese Wiskunde, Musiek, Bantoereg en -administrasie, Volkekunde en Krygskunde (rigting Handelswetenskappe) van die jare 1965, 1966 en 1967 het om die Stipendium meegeding.
   Toegeken aan: Mnr. J. G. Coetzee, slaag M.A. (Geografie) Cum Laude, Februarie 1967 (Van Walvisbaai, S.W.A.).
2. *Nasionalestipendium* (R1,200 p.j. vir 2 jaar)
   Kandidate uit die afdelings Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika, Ingenieurswese en Krygskunde (rigting Natuurwetenskappe) van die jare 1965, 1966 en 1967 het om die Stipendium meegeding.
   Toegeken aan: Mnr. J. D. Buys, slaag M.Sc. (Wiskunde) Cum Laude, Februarie 1967 (Van Robertson).
3. *Konservatorium-stipendium* (R350 p.j. vir 1 Jaar)
   Kandidate in Musiek van die jaar 1967 het om die stipendium meegeding.
   Toegeken aan: Mej. A. M. Schoeman (slaag B.Mus. II, November 1967) (Van Hofmeyr).

B. MEDALJES VAN GOUD

(i) *Die volgende goue medaljes is toegeken:*

(a) *S.A.O.U.-Medalje* vir die beste finalejaarstudent wat 'n primêre onderwysersdiplomakursus volg, aan:
Mej. C. J. Malan, D.O.S.K., Cum Laude (Van Patensie).

(b) *S.A.O.U.-Medalje* vir die beste student wat 'n sekondêre onderwysersdiplomakursus volg, aan:

Mnr. J. C. M. Boonzaaier, S.O.D., Cum Laude (Van Dwarskersbos).

(c) *Die Professor P. A. van der Bijl-Gedenkpenning en die Professor A. I. Perold-Gedenkpenning (Landbou)* aan :

(i) Mnr. E. Connan, B.Sc. in Landbou (Finaal) (Skaapteelt en Wolkunde) (Van Kenhardt);

(ii) Mnr. L. C. van Wyk, B.Sc. in Landbou (Finaal) (Akkerbou en Veeteelt) (Van Keetmanshoop).

(d) *Die Sir William Schlich-Gedenkpenning vir Bosbou* aan :

Mnr. D. W. van der Zel, B.Sc. in Bosbou (Finaal) (Boskunde) (Van Stellenbosch).

(ii) *Goue Medaljes vir nagraadse studente:*

(a) *S.A.O.U-Medalje* vir die beste finalejaar B.Ed.-student aan :

Mnr. G. F. P. Kellerman, B.Ed., Cum Laude (Van Bellville).

(Die medalje word moontlik gemaak deur 'n skenking van die S.A.O.U.).

(b) *Professor John Todd Morrison Research Medal* vir 'n student wat die M.Sc.-graad in Fisika of Toegepaste Wiskunde Cum Laude behaal, aan : Mnr. R. Saayman, M.Sc. in Fisika, Cum Laude (Van Uitenhage).

(Die medalje word moontlik gemaak deur 'n skenking van mev. J. T. Morrison.)

Die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, oorhandig die Kanseliersmedalje aan mnr. Johan D. Buys, M.Sc. (Wiskunde). In die middel is die Rektor, prof. H. B. Thom.



(c) *Die Medalje van die Fakulteit van Geneeskunde* vir die beste finalejaar M.B., Ch.B.-student, aan :

Dr. J. de V. Lochner, M.B., Ch.B., Cum Laude (Van Bellville).

(Die medalje word aangebied deur lede van die Fakulteit van Geneeskunde.)

(d) *Die Kanseliersmedalje*

Hierdie medalje, wat deur die Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, geskenk is, word uitgeloof aan die mees uitstaande finalejaar-student aan die Universiteit, en is toegeken aan : Mnr. J. D. Buys, M.Sc. in Wiskunde, Cum Laude (Van Robertson).

Mnr. Buys het 'n gemiddelde persentasie van 86.8% oor sy 5 jaar van studie behaal.

Beurs

Mnr. Jan Kirsten, seun van prof. en mev. Freddie Kirsten, het die *Corner House* Nagraadse Beurs van R2,000 vir 1968 verower. Tot en met sy Honneurs B.A. het hy gemiddeld 87% gehandhaaf en hy neem 'n leidende aandeel in die studentelewe. Net een sodanige beurs is per jaar aan alle S.A. universiteite beskikbaar.

Die finale keuse het gelê tussen mnr. Kirsten en 'n student van die Universiteit Witwatersrand. Beide moes voor 'n paneel van beoordelaars in Johannesburg verskyn.

Die Siviele Ingenieurswese-prys wat jaarliks deur die S.A. Federasie van Siviele Aannemers beskikbaar gestel word vir toekenning aan die student wat die beste skripsie vir die B.Sc., B.Ing.-grade in Siviele Ingenieurswese voorgelê het, is vir 1967 aan mnr. G. A. J. Basson toegeken.

Grade en Diplomas Toegeken

Op Woensdagaand, 6 Desember 1967, het die eerste van vier toekenningsplegtighede van die Universiteit van Stellenbosch om 8.00 nm. in die Stadsaal van Stellenbosch plaasgevind. By daardie geleentheid het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch 362 diplomas toegeken, waarvan 304 was aan kandidate wat hulle vir die onderwys bekwaam het. Aan 156 aspirantonderwysers is die Sekondêre Onderwysersdiploma (S.O.D.) toegeken.

Na die diplomaplegtigheid het daar drie gradepleg-

tighede plaasgevind. By almal het die Vise-Kanselier van die Universiteit, dr. J. S. Gericke die grade verleen.

Op Donderdagoggend, 7 Desember, is 340 Baccalaureusgrade in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte toegeken. 302 kandidate het die graad B.A. ontvang.

Om 3.30 nm. op 7 Desember is 291 Baccalaureusgrade in die Fakulteite van Natuurwetenskappe, Handel en Administrasie, Landbou, Bosbou en Krygskunde, asook die graad B.A. in Verpleegkunde toegeken. 110 studente het die graad B.Sc., 37 die graad B.Sc. in Landbou, 75 die graad B.Comm., 17 die graad B.Sc. in Bosbou, 35 die graad B.Mil. en 5 damestudente die graad B.A. in Verpleegkunde ontvang.

Die derde gradeplegtigheid het Vrydagoggend om 10.00 vm. in die Stadsaal plaasgevind. 285 gevorderde grade is toegeken. Agtien diensdoende onderwysers het die graad B.Ed., wat hulle deur middel van aandstudie verwerf het, ontvang. Aan 37 studente is grade in die ingenieurswese toegeken en dieselfde getal nuwe geneeshere het hulle grade ontvang. Vyf-en-veertig Magistersgrade, 14 doktorsgrade en drie ere-doktorsgrade, lg. aan prof. C. G. S. (Con) de Villiers, Sy Edele dr. Hilgard Muller en dr. A. D. Wassenaar, is toegeken.

Universiteitsnuus

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar

Sy Ed. Dr. H. Muller aan die Woord

Dr. H. Muller, Minister van Buitelandse Sake, het op 28 Februarie 1968 tydens die openingsplegtigheid as gasspreker opgetree.

In 1967 is 'n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Stellenbosch aan dr. Muller toegeken, sodat, hoewel dr. Muller 'n oud-student van Pretoria is en boonop kanselier van die Universiteit van Pretoria is, hy tog *honoris cause* ook 'n Stellenbosser is.

Sy Edele se feesrede het gehandel oor *Buitelandse sake en die bydrae wat ons universiteite kan lewer.*

S.A. EERSTE

Die Minister het aangetoon dat gemeenskaplike belange gewoonlik die basis is vir vriendskaplike verhoudinge en samewerking tussen state, hoewel faktore soos magsewewig en partypolitieke gewin ook geld. In die internasionale omgang word 'n land se waarde in die reël hoofsaaklik bepaal deur die bydrae wat hy kan maak tot die gemeenskaplike belange van die groep en vir die R.S.A. geld dus ook die beginsel van *S.A. eerste.*

Sekere faktore maak S.A. 'n waardevolle bondgenoot soos sy onwrikbare teenkanting teen kommunisme, sy rykdom aan strategiese minerale, sy ligging as die Gibraltar van die Indiese Oseaan en sy hoë peil van ekonomiese ontwikkeling wat S.A. in staat stel om waardevolle bydraes te lewer ter bevordering van Afrika se belange, hoewel ons nog met venynige teenkanting te doen het.

DIE ROL VAN ONS UNIVERSITEITE

Ons Universiteite kan ook ons buitelandse betrekkinge help bevorder.

Die buitelandse diens is geheel en al afhanklik van die universiteite vir personeel. Die geskikste kandidate moet in besit wees van 'n graad en kennis hê van moderne tale, geskiedenis, die regte en ekonomie.

KWALIFIKASIES VAN DIE SESTIENDE EEU

In die C16 is die kwalifikasies vir 'n diplomaat deur Ottaviano Maggi De Legato beskryf as: „'n Ambas-

Sy Ed. dr. H. Muller, Minister van Buitelandse Sake, verkeer in diepe gesprek met mnr. H. H. Smit L.V. vir Stellenbosch (links) en dr. J. S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch (regs), tydens die opening van die akademiese jaar van die Universiteit van Stellenbosch op 28 Februarie 1968. In die agtergrond verskyn mnr. F. D. Conradie L.U.K.

sadeur moet 'n teoloog wees wat deeglik geskoold is in Plato en Aristoteles. Hy moet in staat wees om op kort kennisgewing die mees ingewikkelde vraagstukke bevredigend te ontrafel. Hy moet 'n deskundige wees op die gebied van die matesis, argitektuur, musiek, fisika, siviele en kanonieke reg. Hy moet Latyn vloeiend kan praat en skryf en moet 'n deeglike kennis hê van Grieks, Spaans, Frans, Duits en Turks. Behalwe dat hy 'n opgeleide klassikus, historikus, aardrykskundige en 'n deskundige oor militêre aangeleenthede moet wees, moet hy 'n ontwikkelde smaak vir poësie hê. Die belangrikste van alles is dat hy uit 'n vooraanstaande familie moet kom, ryk moet wees en 'n aantreklike voorkoms moet hê.

DR. MULLER SE VEREISTES

Dr. Muller het voorts gesê dat genoemde vereistes nie almal vandag meer geld nie, maar

1. Eerlikheid en geloofwaardigheid,
2. Presiesheid en akkuraatheid,
3. Kalmte van gees en geduld,
4. 'n Goeie humeur,
5. Inisiatief gepaard met beskeidenheid,
6. Vasberadenheid,
7. Lojaliteit en
8. Patriotisme.

Ons Universiteite moet ook 'n studie maak van en opleiding gee in internasionale politiek; ons universiteite moet wetenskaplikes lewer wat kan bydra tot die oplossing van die probleme van ons buurstate; hulle kan ook 'n studie maak van die gebruiklike aantygings teen S.A. en hoe om dit te weerlê.

Ons blankes is geroepe om in Afrika 'n besondere rol te vervul deur ons mensemateriaal te ontwikkel op akademiese, geestelike en morele gebiede. Daarom pleit spreker dat ons studente nie die ou deugde en beproefde waardes oorboord moet gooi nie – dit is hierdie deugde en waardes wat ons volk gebring het tot waar ons is en wat ons in staat stel om onsself en ons Christelike Westerse lewensbeskouing te handhaaf in hierdie vasteland waar ons toekoms lê.

Tennisspanne Presteer

Stellenbosch se manspan en die damespan het elk die S.A. Inter-Universitêre Tennistoernooi van 1967 gewen.

In die finaal van die W.P.-Uitdaagkompetisie het die mans met een punt teen U.K. verloor, maar die dames het hul afdeling gewen.

Dit is 'n besondere pluimpie vir mnr. J. T. Houba, die Universiteit se amptelike tennisafrigter.

Sluitingsdatum van aansoeke van Nuwelinge word vervroeg

Voornemende studente word daarop gewys dat die sluitingsdatum van aansoeke met ingang 1968 vervroeg is tot 30 Junie (i.p.v. 31 Augustus soos dit tans is).

Die Universiteitskoor – 31 Jaar

Die Musiekbedrywighede op Stellenbosch het op 21 November 1967 ten einde geloop met 'n uitvoering van die bekende Universiteitskoor o.l.v. Philip McLachlan. Hierdie prestige konsert wat in die Stellenbosse Stadsaal aangebied is, is bygewoon deur o.a. 'n groot aantal donateurs en vriende van die Universiteit as gaste van die Rektor en mev. H. B. Thom.

Die program het o.a. ingesluit 'n première van 'n vername werk van Rosa Nepgen, nl. *Johannes die Apostel,* Deel III, uit *Drieluik* van W. E. G. Louw. Hierdie dramatiese en baie moeilike werk is opgedra aan prof. H. B. Thom.

In 'n stampvol stadsaal, met koorsang van die allerbeste gehalte, het Philip McLachlan die 31ste jaar van sy koor op 'n onvergeetlike wyse afgesluit.

Op die foto verskyn v.l.n.r. mev. McLachlan, prof. H. B. Thom, Rosa Nepgen (mev. W. E. G. Louw), Philip McLachlan, mev. Thom en prof. W. E. G. Louw.

Nuwe Geboue vir Ingenieurs

So is die kunstenaar se voorstelling van die eerste van drie reusegeboue vir toekomstige Matie-ingenieurs.

Daar is reeds begin met die bou van die eerste een teen plus-minus R800,000 wat die tekensale en kantore sal bevat.

Hierna volg die geboue vir laboratoria, siviele, elektrotegniese, werktuigkundige en lugvaartkundige studierigtings.

Noord van die gemelde geboue kom die hidro-meganiese instituut van die W.N.N.R. vir kus-ingenieurswese en o.a. die beplanning van hawens. Die Universiteit het die nodige grond aan die W.N.N.R. geskenk.

Stellenbosch is tans nog die enigste Universiteit wat 'n vyfjarige ingenieurskursus aanbied. Al meer studente skryf hiervoor in weens die stygende behoefte aan hoog opgeleide ingenieurs.

Die kunstenaar se voorstelling van die eerste van die drie nuwe geboue vir ingenieurswese.



Nier- en Hartnavorsingsentrum van die Universiteit van Stellenbosch

Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het aangekondig dat 'n veldtog geloods is om fondse in te samel vir die nier- en hartnavorsingsentrum van die Universiteit by die Karl Bremer-hospitaal.

Die navorsingswerk wat die afgelope twee jaar deur die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch en die Johns Hopkins Mediese Skool op die gebied van nier- en hartprobleme gedoen is, het reeds ruime erkenning ontvang sowel in S.A., as in Europa en die V.S.A.

Die Universiteit benodig in die loop van die volgende vyf jaar 'n bedrag van R2 miljoen om te verseker dat hierdie belangrike navorsingswerk in nasionale belang voortgesit en uitgebrei word.

Die navorsing geniet die amptelike erkenning en ondersteuning van die W.N.N.R. en die Hospitaaldepartement van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie.

Die U.S. Atletiekklub

Die U.S. Atletiekklub wat gedurende die einde van November op 'n kort toer gegaan het, is op Saterdag, 18 November 1967, voor hulle vertrek, as span, deur die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit in die klubhuis onthaal.

By hierdie geleentheid is die U.S. Atletiek-Jaarboek 1966/67 aan die Rektor oorhandig. In 'n kort toespraak het die Rektor die Klub sowel as die afrigter, mnr. Ivor Potgieter, geloof en hulle alles van die beste toegewens vir 'n suksesvolle toer.

Op die foto verskyn v.l.n.r. mnr. Ivor Potgieter (Spanbestuurder en Klubafrigter), Koos Slabber, mej. Maretha Wiid (Onder-kaptein), Helena Visser, prof. H. B. Thom, Ricus Verhoef en mnr. Gerhard Roux (Onder-Bestuurder en Voorsitter van U.S.A.K.).

Name van nuwe Koshuise

(a) Die naam van die nuwe dameskoshuis waarvan die helfte in 1967 voltooi is, is *Nerina*. Die koshuis is aan Van Riebeeckstraat geleë en bied plek aan 142 dames. Mev. L. Rabie, voorheen van Minerva, is as prinsipale van hierdie koshuis aangestel.

(b) Die eerste koshuis vir Geneeskunde-studente wat in Tiervlei opgerig word en akkommodasie aan 247 studente sal bied, sal bekend staan as *Huis Francie van Zijl*.

Uitstallings van die Departement van Beeldende Kunste

In die Swakopmundse Museum is in Desember 1967 'n klein uitstalling gehou onder leiding van prof. Otto Schröder. Hoewel die uitstalling klein was, het dit 'n beeld gegee van die verskillende aspekte van werk deur prof. Schröder self en van sy studente. Ongeveer 1,200 persone het die uitstalling gesien.

Mercator huldig Prof. C. G. W. Schumann

Op 23 Oktober 1967 het 'n gesellige onthaal, aangebied deur Federale Volksbeleggings, plaasgevind in die gebou van die Here Sewentien, Kaapstad, ter ere van prof. C. G. W. Schumann wat jarelank aan die hoof gestaan het van die Fakulteit van Handel en Administrasie en tans nog direkteur is van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek wat reeds in 1944 aan die Universiteit van Stellenbosch gestig is om 'n voortdurende studie van ekonomiese toestande in Suid-Afrika te maak.

By dié geleentheid het die Fakulteit hulde gebring aan prof. Schumann deur die eerste kopie van die nuwe blad *Mercator* feestelik aan hom te oorhandig. Verskeie vooraanstaande sakemanne, dosente en senior studente was teenwoordig.

MERCATOR

Mnr. J. P. Steyn, die skakelbeampte van die Vereniging vir Ekonomie en Handel het verduidelik dat die eerste doelstelling van *Mercator* is om die praktyk en die teorie nader bymekaar te bring en om die prestige van die Handelsfakulteit verder uit te bou.

Die eerste deel van *Mercator* bestaan uit artikels deur departementshoofde en vooraanstaande ekonome en die tweede helfte uit artikels van 'n praktiese aard, geskryf deur leiers in die sakewêreld, waar moontlik deur oud-Maties.

Dr. Danie Schumann het die bal aan die rol gesit vir die eerste uitgawe. Die Vereniging maak staat op oud-Maties om mildelik te help deur die blad te koop en deur donasies wat aan die Dekaan van die Fakulteit van Handel en Administrasie gestuur kan word.

Mnr. Dawid Rubin, die redakteur en direkteur van publikasies van die vereniging, het 'n kopie aan prof. C. G. W. Schumann oorhandig en gesê dat dit vir die vereniging 'n voorreg is om die eerste kopie aan prof. Schumann te oorhandig.

PROF. C. G. W. SCHUMANN

Prof. Schumann het hom soos volg tot die aanwesiges gerig:

„Mnr. die Dekaan en aanwesiges, in 'n mens se lewe is daar altyd dae wat uitstaan. Die dag toe ek die gewigstootkampioenskap van Suid-Afrika in 1925 verower het, het my broer gesê: ‚Die Oubaas is daarop so trots as wanneer jy die eerste minister sou geword het?' Ek en my familie sal hierdie dag ook onthou as een van die mooi dae in 'n lang loopbaan. Ek het twee gevoelens: trots en dankbaarheid. Dankbaar dat ek iets kon bydra en trots op wat die Fakulteit bereik het."

VYFTIG JAAR

„Dit is vanjaar presies vyftig jaar gelede dat ek as 'n eerstejaarstudentjie in 1917 ingeskrywe het aan die Universiteit van Stellenbosch met hoofvakke Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika."

„Ons het in 1924 begin met twee studente: mnr. D. J. Nolte wat later lektor by ons was en mnr. Dan Maré. Albei die studente was 'n halfjaar ouer as ekself."

JUNIORDAG

„Ons het in daardie dae nog nie ‚Hippies' en desgelyke dinge gehad nie, maar ons het 'n Juniordag gehad. Al die klasse is op daardie dag opgebreek. Hulle het my op 'n tafel laat staan. Ek was maar skaam, pas uit Europa en nog maar 25 jaar oud, maar 'n toespraak moes ek maak."

„Eers trek een van hulle met kryt strepe om my voete en sê: ‚Wrintig, die grootste paar voete op Stellenbosch'."

„My toespraak was net 'n paar woorde: ‚Manne, as julle wil weet hoe 'n man voel as hy hier staan, sê ek nou in pront Afrikaans: Jy voel 'n dêm fool. Daar was geweldige cheers'."

„So agterlangs het 'n man gestaan wat gesê het: ‚Dit is sowaar die beste toespraak wat ek nog van 'n professor gehoor het'."

OUD-KOLLEGAS

„As u praat van die Fakulteit dan het ek miskien 'n bydrae gemaak, maar ek dink veral aan die studente wat na ons toe gekom het vir opleiding. 'n Student kom as iemand wat jy moet help vorm en rigting gee."

„As kollegas was daar manne wat besonder baie vir my beteken het. Een van hulle was dr. J. F. W. Grosskopf. Hy was een van die fynste mense en dit was 'n groot voorreg om saam met hom te gewerk het. Dan was daar nog professore Piet Serton en S. J. Pretorius."

„As ek by die jonger geslag kom, is daar prof. J. L. Sadie, aan wie ek kan sê: ‚Ek beskou nog u M.-tesis as die beste wat ek ooit gekry het'."

„Daarna volg proff. D. G. Franzsen en Danie Schumann, mnr. W. C. Dempsey wat altyd 'n regterhand was en later prof. J. van der Meulen. Ek het dr. Van der Meulen in Holland gaan haal en hom gekies uit ses applikante."

OUD-STUDENTE

„Op wie ek in die Fakulteit veral trots is, is ons oud-studente. Daar staan een van ons oud-studente, mnr. Niel Malan (Voorsitter van Safmarine). Ek onthou nog goed hoe hy sy M.-eksamen gedoen het onder dr. Grosskopf, dr. Koos Botha en myself. Ons kon hom nie vas vra nie."

„Daar is dr. A. W. O. Bock, vandag hoof van die Koringraad. Hy het die eerste D.Comm.-graad in Suid-Afrika behaal. Die tweede was dr. W. C. Naudé, broer van dr. Meiring Naudé. Daar was ook manne soos Jan Marais en C. J. F. Human."

„Van die mooiste verrassings word somtyds gelewer deur manne wat net so 'n 4 tot 5 in die eksamens gekry het en tog vandag uitstekende sakemanne is."

IDEALISTE

„Aan die dosente wil ek net noem: Om 'n dosent aan die Universiteit te wees, moet jy 'n idealis wees en iets van 'n sendeling in jou hê — jy moet 'n geroepene wees en in dié sin wil ek werklik hulde bring

aan ons dosente, want baie van hulle kan beter vaar in die sakelewe, maar jy moet 'n roeping voel om die jongmense op te lei vir die ontwikkeling van ons eie land."

„Moet tog nooit 'n student probeer bluf nie. Hulle is nie altyd so dom soos hulle lyk nie – dit kan ook omgedraai word!"

UNIVERSITAS

„Aan ons studente – net een ding – die universiteit beteken *universitas,* d.w.s. jy moet soveel kennis, ervaring en insig as moontlik in die lewe probeer kry en nie net in die boek sit en vaskyk nie. Jy moet ook met jou mede-studente oor hulle vakke gesels en idees ruil."

„Selfs nou lees ek nie net oor ekonomie nie. Ek lees oor die sel, die atoom en die ou beskawings, wat alles die gees verryk, as jy, soos Goethe gesê het: ‚Volle mens wil wees'."

VERGESIGTE

„As ek mag vra wat 'n student nodig het, is dit in die eerste plek dat hy nog moet kan droom. Hy moet vergesigte kan sien."

„Dr. A. E. Rupert het jare gelede 'n ontvangs gegee vir 'n groot sigaretkoning van Hamburg. Nadat ek met die persoon gesels het, het ek aan hom gesê: ‚U kon 'n professor gewees het in wiskunde, filosofie of in ekonomie, want ek lei dit af uit u gesprek. En u het van u handelsaak so 'n groot sukses gemaak, omdat u nog kan droom.' Hy slaan op die tafel en sê: ‚Jy het gelyk!'."

REALISME

„Maar die man moet kan droom met sy voete op die aarde. Die groot kuns in die lewe is om daardie idealisme saam te voeg met 'n gesonde praktiese realisme."

„Die sakelewe verwag een uitstaande eienskap van ons studente, en dit is betroubaarheid. Dit klink so doodeenvoudig. As jy 'n man 'n werk gee, moet hy dit doen na die beste van sy vermoë."

NOG EEN WENS

„Ek wens ek was veertig jaar jonger, want daar is nog pragtige werk in suidelike Afrika. Daar is groot take wat wag en die toekoms van ons blankes en nieblankes sal afhang van die siening, kennis en werkvermoë van ons jongmense. Ek het vertroue in julle!"

„Baie dankie!"

Kursusse

Die Nagraadse Kursus in Besigheidsbestuur en -Administrasie

Die Universiteit van Stellenbosch bied van vanjaar af 'n voltydse M.B.A.-kursus aan, naas die deeltydse M.B.A.-kursus wat reeds in 1964 ingestel is.

Die kursus is bedoel vir persone wat pas 'n graad verwerf het, sowel as vir diegene wat alreeds enkele jare in die sakelewe staan.

Die inhoud van die kursus is daarop toegespits om persone voor te berei om in die toekoms leidinggewende poste in die bedryfslewe te vul en moet gesien word as 'n oriënterings- en aanpassingskursus.

Volledige besonderhede word graag deur die Universiteitskantoor verstrek.

Gedurende die eerste vyf weke word inleidende kursusse aangebied.

Die basiese kursusse bestaan o.a. uit algemene en finansiële bestuur, produksietegnieke, menslike verhoudings, personeelbestuur en bestuursrekeningkunde.

Die studente besit verskillende kwalifikasies, synde o.a. ingenieurs, ekonome, juriste, sosioloë, landbou- en bosboukundiges – dus interfakultêr.

Prof. J. van der Meulen, Waarnemende Hoof, het

V.l.n.r.: Proff. D. E. W. Schumann (dekaan van die fakulteit van Handel en Administrasie), M. G. Loubser (hoof van die Buitemuurse afdeling van die Universiteit in Bellville), mnr. W. F. de la H. Beck (Voorsitter en besturende direkteur van Mobil Oil (S.A.) Bpk.), mnr. P. A. Weber (besturende direkteur van die Nasionale Pers en Raadslid van die Universiteit Stellenbosch) en prof. W. J. Pretorius (gewese hoofbestuurder van die K.W.V. en lid van die Raad van die Universiteit Stellenbosch)

tydens die openingsplegtigheid melding gemaak van die noue samewerking tussen die S.A. bedryfslewe, die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Gent wat vanjaar vier dosente tydelik tot beskikking stel.

Hy het ook waarderende gemeld van die finansiële steun uit die sakewêreld vir apparaat, biblioteekgeriewe en hulp aan die ingeskrewe studente.

Die studente is deur hom gewaarsku om nie na die behaling van die graad die mentaliteit te hê van: *„Ons is bereid om op die top te begin nie!"* Dit laat hom dink aan die ooievaar, hoog op sy pote, kaal in sy vere en 'n grootbek.

Hy het afgesluit met: „U lewe in een van die weinige lande met groot moontlikhede, maar as hierdie land van ons groot wil wees in alle dinge waarin 'n *klein* land *groot* kan wees, kan ons die waarskuwing onthou: „En elkeen onder julle wat die eerste wil word, moet 'n *dienskneg* wees!"

F.V.B. Studiebeurse

Die Federale Groep stel jaarliks 'n aantal studiebeurse aan studente beskikbaar.

Vir die 1968-studiejaar is beurse aan die volgende Stellenbosse studente toegeken:

1. Mnr. A. N. (Albie) de Waal, M.Sc., (Springbok-agsteman): R500 om 'n voltydse M.B.A.-kursus te volg.

2. Mnr. J. C. Kotze, B.Comm.: R500 om 'n voltydse M.B.A.-kursus te volg.

3. Mnr. H. O. Jaekel, 3e jaar B.Comm. LL.B.: R400.

Nagraadse Diploma in Buitengewone Onderwys

Die doel van die instelling van die *Nagraadse Diplomakursus in Buitengewone Onderwys* is om in die behoeftes aan fasiliteite vir voortgesette opleiding vir diensdoende personeel van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Onderwysdepartemente te voorsien. Die voorgestelde kursus sluit aan by, en is geskoei op, die lees van die Nagraadse Diplomakursus in Voorligtingsielkunde van die Departement van Sielkunde wat in 1967 ingestel is.

Tot die kursus word toegelaat gegradueerde, gesertifiseerde onderwysers met Sielkunde as een van hulle hoofvakke, of met 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat vir dié doel goedgekeur word, en wat reeds in 'n betrekking staan waarin hulle skool-sielkundige werk moet doen of waarin hulle onderrig gee aan vertraagde leerlinge.

Die kursus strek oor drie jaar, maar elkeen van die drie jaargange van die kursus vorm 'n eenheid en strek van Februarie tot Desember. Aan die einde van elke kursus word eksamen afgelê.

Die aard en doel van die kursus maak dit noodsaaklik dat die kandidaat 'n onderwyspos moet beklee en vrye toegang tot skole van sy departement moet geniet.

Die kandidaat moet twee keer per jaar vir twee weke op 'n keer intensiewe kursusse aan die Universiteit bywoon, nl. gedurende die eerste twee weke van Februarie en gedurende Julie.

Aanstellings en Bevorderings

Nuwe Professoraat in Virologie

Die Universiteitsraad en die Departement van Landbou-tegniese Dienste het die instelling van 'n professoraat in Virologie binne die Departement van Mikrobiologie van die Fakulteit van Landbou goedgekeur.

Dr. M. H. V. van Regenmortel is met ingang 1 Oktober 1967 in hierdie professoraat aangestel.

Dr. Van Regenmortel (tans 33 jaar oud) is in Brussel, België, gebore. Hy het in 1954 na Suid-Afrika geëmigreer en het die grade B.Sc. Landbou (1957) en M.Sc. Landbou (rigting Plantsiekteleer), cum laude, in 1959 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het die graad Ph.D. (Virologie) aan die Universiteit van Kaapstad in 1961 verwerf.

Sedert 1960 was hy aan die Universiteit van Stellenbosch as lektor en later as senior lektor in Plantsiekteleer-Mikrobiologie verbonde.

Dr. Van Regenmortel het die V.S.A. vanaf Julie 1965 tot Desember 1965 met 'n beurs van die V.S.A. se Departement van Volksgesondheid besoek en aan die Universiteit van Kalifornië onder prof. Walter Stanley, die bekende Nobelpryswenner, gestudeer.

Hy het 'n vyftigtal universiteit en navorsingsinrigtings in die V.S.A. en Europa besoek en in ses lande voorlesings oor virusnavorsing en virussiektes gelewer. Dr. Van Regenmortel het reeds 38 wetenskaplike publikasies die lig laat sien en het op Stellenbosch 'n belangrike navorsingseenheid opgebou wat selfs uit die buiteland studente trek.

Hy is tans mede-redakteur van die Amerikaanse tydskrif *Virology* en voorsitter van die Wes-Kaaplandse tak van die Eksperimentele Biologie-groep.

Professoraat in Ekonomiese Geskiedenis

Die Universiteitsraad het die instelling van 'n professoraat in Ekonomiese Geskiedenis in die Departement van Ekonomie goedgekeur met ingang 1 April 1968.

Dr. S. J. Terreblanche, tans senior lektor in die





Departement van Ekonomie, is met ingang 1 April 1968 bevorder tot professor in Ekonomiese Geskiedenis.

Dr. Terreblanche het die grade B.A. (Regte en Ekonomie) (1954), M.A. (Ekonomie), cum laude (1957), en D.Phil. (1963) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Die onderwerp vir sy tesis vir die D.Phil.-graad was „Dogmageskiedenis van die Intervensionisme in die Kapitalistiese epog".

Van 1957 tot 1960 was dr. Terreblanche lektor en vanaf 1961 tot 1964 senior lektor in Ekonomie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Sedert 1965 is hy senior lektor in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Van hom het verskeie publikasies reeds die lig gesien waaronder 'n boek getiteld : *Die Industriële Groeiproses* – die ekonomiese geskiedenis van Groot-Brittanje, Frankryk, Duitsland en die V.S.A. (1967).

Dr. Terreblanche is Sekretaris van die Stellenboschtak van die S.A. Vereniging vir Ekonomie en lid van die Kaaplandse Provinsiale Bestuur van S.A.B.R.A.

Dr. Terreblanche is getroud met Ina Smuts. Die egpaar het drie dogters.

Poste in die Departement van Ontwikkeling

MNR. N. C. DE KLERK

Mnr. N. C. de Klerk, voorheen Hoofinligtingsbeampte van die Departement van Inligting in die Transkei, is met ingang 1 Januarie 1968 aangestel as Openbare Inligtingsbeampte in die Departement van Ontwikkeling in die plek van mnr. J. E. M. Verwey wat 'n pos aanvaar het by Rembrandt Tabakkorporasie.

Mnr. De Klerk het in 1949 die B.A.-graad en in 1961 die Hons.-B.A.-graad (cum laude) in Naturelle Administrasie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Mnr. De Klerk was sedert 1948 by verskillende Munisipaliteite werksaam asook by die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling. Sedert April 1963 was hy verbonde aan die Departement van Inligting in die Transkei en was hy ook nuusredakteur van die koerant in die Transkei wat in Xhosa verskyn.

Twee addisionele senior poste van Ontwikkelingsbeampte in die Departement van Ontwikkeling is goedgekeur. Die volgende persone is met ingang 1 Januarie 1968 aangestel :

MNR. A. J. BASSON

Mnr. Basson het in 1945 die B.A.-graad en in 1948 die graad M.A. in Sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy was tot 1967 Assistent-Bemarkingsbestuurder vir Windmeul Kunsmis S.A. (Edms.) Beperk in Johannesburg.

Mnr. Basson was o.a. redaksielid van „Die Burger" en verteenwoordiger en reklamebeampte in diens van Rembrandt Tabbakkorporasie.

Mnr. Basson het veral op die gebied van rugby uitgeblink. Gedurende die jare 1945–1948 en 1950 en 1951 het hy vir die Eerstespan van Stellenbosch as haker opgetree. Hy het ook vir die W.P. en in 1952 en 1956 vir die Boland gespeel.

Mnr. Basson is getroud en het vier seuns.



MNR. J. VOSLOO

Mnr. Vosloo, vroeër hoof van die Middelbare skool op Lambertsbaai, is op 27 November 1934 gebore. In 1959 het hy die graad M.A. (Afrikaans) en in 1961 die graad B.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Mnr. Vosloo het op verskeie plekke onderwys gegee, o.a. aan die Paarlse Opleidingskollege en as deeltydse dosent aan die Buitemuurse Afdeling van die Fakulteit van Handel van die Universiteit van Stellenbosch. Hy was ook twee jaar mederedakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

As student was hy lid van die Studenteraad, Redakteur van *Die Matie* en hoofbestuurslid van die A.S.B.

Mnr. Vosloo is getroud en het twee kinders.

Die volgende persone is aangestel met ingang 1 Januarie 1968:

Mnr. J. C. Cronjé, voorheen Assistent-stadsbibliotekaris van Pretoria as Assistent-bibliotekaris.

Mnr. J. van Z. Smit, voorheen verbonde aan 'n rekenmeestersfirma in Kaapstad as senior lektor in Rekeningkunde. Mnr. Van Zyl Smit het gedurende 1967 as plaasvervanger vir prof. M. G. Loubser opgetree.

Dr. Jan Bouws, wat op 31 Desember 1967 met pensioen uit die diens van die Universiteit getree het vir 'n verdere jaar as lektor in Musiek (Afrikaanse Volksmusiek).

Mnr. C. A. Cilliers, voorheen lektor in Sielkunde, as senior lektor in Sielkunde.

Mnr. A. J. B. van der Mescht, as administratiewe beampte (Akademiese Afdeling). Mnr. Van der Mescht was onderwyser by die Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch.

Mev. L. Rabie, voorheen prinsipale van die dameskoshuis Minerva, as prinsipale van die nuwe dameskoshuis.

Mev. H. McDonald in die plek van mev. Rabie as prinsipale van Minerva.

Prof. S. J. Pretorius, oud-registrateur van die Universiteit, vir die jaar 1968 as lektor in Wiskundige Statistiek.

Mnr. M. W. Heyns, Hons.-B.A., as lektor in Engels.

Mej. L. E. van Heerden, Hons.-B.Sc. (Dieetkunde) cum laude, as lektrise in Huishoudkunde.

Mnr. F. J. de Jager, B.A., LL.B., as lektor in Handelsreg (nuwe pos).

Mnr. W. H. Bizley, Hons.-B.A. (Natal), as lektor in Engels.

Mej. G. A. Botha, is vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1968, aangestel as tydelike dame-sportorganiseerder in die Afdeling Sport en Ontspanning.

Mnr. H. A. Snijders (B.A.-Hons.), as lektor in Engels (Engels Spesiaal).

Mnr. J. A. le Roux (M.A.), as lektor in Sielkunde.

Mnr. G. J. Vosloo vir 1968 as deeltydse dosent in Rekeningkunde.

Bevorderings

Dr. Bun Booyens is met ingang 1 Januarie 1968 bevorder tot professor in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, 'n nuwe departement wat in 1966 tot stand gekom het danksy 'n ruim skenking deur die A.T.K.V.

In 1963 het dr. Booyens die graad D.Phil. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal op die proefskrif *Kerk en Staat, 1795–1843.*

Na etlike jare in die onderwys, o.a. as skoolhoof, is hy as administratiewe beampte aan die Universiteit aangestel met spesiale verantwoordelikheid die redakteurskap van *Matieland.*

In 1962 is hy aangestel as senior lektor in Geskiedenis en op 1 Januarie 1967 as senior lektor en hoof van die Departement van Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde.

Hy het besondere navorsing gedoen oor *Die Lewe en Werke van D. F. Malan tot 1915* en die verantwoordelikheid vir die versorging van die Malan-versameling is aan hom opgedra.

Aan die einde van 1966 en die begin van 1967 het hy 'n gekonsentreerde studie aan Europese universiteite in Kultuur- en Volkskunde gemaak.

Bevorderings met ingang 1 Januarie 1968:

Mnr. D. J. van Zyl (M.A.), tans junior lektor in Geskiedenis tot lektor in Geskiedenis.

Mnr. J. B. Thompson, lektor in Engels, tot senior lektor in Engels. Hy volg dr. D. G. Gillham op.

Mnr. W. H. Thomas, tans junior lektor in Ekonomie, tot lektor in Ekonomie.

Mnr. J. A. Matthee, voorheen lektor, tot senior lektor in Rekeningkunde.

Dr. D. K. Strydom is bevorder tot prof. in Pomologie met ingang 1968 in die plek van prof. A. F. de Wet wat afgetree het.

Dr. Strydom het te Stellenbosch die grade B.Sc. en M.Sc. in Landbou (Laasgenoemde met onderskeiding), behaal en aan die Universiteit van Kalifornië die graad Ph.D. Hy was van 1952 tot 1960 assistent-vakkundige beampte in die Departement Landbou-Tegniese Dienste en sedert 1960 senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy is tans ondervoorsitter van die Kaaplandse Pomologiese Vereniging.

Dosente Oorsee

Prof. S. R. F. Göldner, hoogleraar in Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, was op 'n uitgebreide reis oorsee. Die doel van hierdie besoek aan die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk was om eerstehandse kennis op te doen omtrent die nuutste ontwikkelings op die gebied van die rekenaarwetenskap, beide wat betref opleiding (voor- en nagraads), navorsing oor teoretiese aspekte, asook tendense in die opbou en samestelling van 'n rekensentrum.

Hy het dus die universiteite van Harvard, U.C.L.A., Stanford, Wayne, M.I.T. en andere besoek ten einde 'n insig te kry in hul opleidings- en navorsingsprojekte.

Hy het ook groot rekensentra in die V.S.A. by Stoneybrook, Utah, Durham en elders besoek, asook diesulkes in Londen, Manchester en Edinburgh om inligting in te win oor die nuutste ontwikkelings op die gebied van rekenaars en hul bykomstige apparaat.



Mnr. Philip McLachlan is gedurende die tydperk 11 Maart tot Julie 1968 oorsee en het die vakkonferensie van die American Choral Directors Association en die Music Educators National Conference in Seattle, V.S.A., bygewoon. Van April tot Julie reis hy in Europa en sal die 8ste kongres van die International Society of Music Education te Dijon, Frankryk, bywoon.

Prof. M. J. de Vries, sal gedurende die tydperk Maart tot Augustus 1968 oorsee wees en voltyds aan die Imperial College of Science and Technology, Universiteit van Londen, navorsing doen op die gebied van die Kernmagnetiese Resonansiespektroskopie.

Die *Trustees van die Mushet-beurse* het aan twee wetenskaplikes elk 'n Mushet opvoedkundige reisbeurs vir gevorderde studie in die buiteland toegeken :

Dr. S. J. Terreblanche, professor in Ekonomie, sal gedurende 1968 in Engeland en aan die Harvard Universiteit in die V.S.A. 'n studie maak van aspekte van die ekonomiese geskiedenis.

Dr. D. J. J. van Velden, patoloog verbonde aan die Karl Bremer-hospitaal, sal in die tweede helfte van 1968 na die V.S.A. gaan om vir twaalf maande aan die Armed Forces Institute of Pathology in Washington navorsing te doen oor die patologie van kanker. Hy sal ook ander navorsingsinstitute in Brittanje besoek.

Ons Neem Afskeid

PROF. ANDRIES FRANCOIS DE WET

Prof. De Wet is op 22 Januarie 1903 in die Robertsonse distrik gebore, waar hy ook skool gegaan het. In 1928 het hy die M.Sc.-graad in Landbou met onderskeiding in Vrugteteelt op Stellenbosch behaal.

Sy verbondenheid met die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege dateer van die begin van 1927 (van student-assistent tot vakkundige beampte); met die W.P. Vrugtenavorsingstasie van 1940 (van vakkundige beampte tot Hoof van die vrugteteeltseksie) en as professor in Pomologie van 1.7.59 tot sy uittrede met pensioen op 31.1.68 na 'n dienstyd van 41 jaar.

In sy ruime getal diensjare het hy dikwels in allerlei hoedanighede as plaasvervanger vir sy kollegas opgetree.

Prof. De Wet het 'n indrukwekkende lys van publikasies, wat op sy navorsing gebaseer is, oor talle aspekte van vrugteteelt.

Prof. M. E. Jooste, hoogleraar in Huishoudkunde, tree op 31 Mei 1968 weens bereiking van aftree-ouderdom, uit die diens van die Universiteit.

Afskeidsgeselligheid, aangebied deur die Rektor en mev. H. B. Thom aan die aftredende bibliotekaris, mnr. G. V. Marais in Heemstede op 27 November 1967.
Foto: Mev. Marais, mnr. Marais, mev. Du Plessis en mnr. F. du Plessis (nuwe bibliotekaris).

Afskeidsgeselligheid vir aftredende en uittredende dosente van die Universiteit, aangebied deur die Rektor en mev. H. B. Thom in Minerva op 22 November 1967.
Foto, agter: Mnr. P. Aucamp, mev. M. Mars, dr. G. N. Krynauw. Voor: Mev. E. M. B. Coetzee, prof. A. F. de Wet en mej. G. J. Louw.

Prof. Dr. J. G. Meiring Tree Uit

Prof. Meiring, wat sedert die stigting van die Universiteitskollege Wes-Kaapland in 1960, aan die hoof van dié inrigting gestaan het, het aan die einde van 1967 as rektor afgetree.

Prof. dr. N. Sieberhagen is die nuwe rektor vanaf die begin van 1968.

In sy dienstyd het prof. Meiring daarin geslaag om die Universiteitskollege te lei as 'n inrigting met 'n roeping. Nou word nie meer neerhalend van die „Bush College" gepraat nie, maar die Kleurlinge noem dit „ons universiteit".

Mnr. P. J. Philander, bekende kleurlingdigter, het by geleentheid van 'n afskeidsgeselligheid gesê : „Prof. Meiring het vir ons dierbaar geword vanweë sy opregtheid en deur wat hy met dade tot stand gebring het."

Mev. E. M. B. Coetzee (geb. Lubbe)

Elize Lubbe het in 1935 met haar studie in die musiek aan die Konservatorium onder prof. M. Fismer begin. In 1938 het sy die lisensiaateksamens in klavier en orrel afgelê en in 1939 in sang onder mej. M. Wandelt.

In 1941 is sy in die vaste personeel van die Konservatorium aangestel vir sang en teoretiese vakke. As altsangeres het sy aan talle oratoriums en kore onder musici soos prof. Hans Endler, Enrique Jorda, prof. Pieter de Villiers en prof. G. G. Cillié (Jnr.) deelgeneem.

Mej. Gertruida J. Louw is afkomstig van Boksburg, Tvl., waar sy gematrikuleer het.

Sy was een van die eerste studente vir B.Sc. in Huishoudkunde. Aanvanklik het sy voorligtingswerk gedoen onder die Dept. van Landbou, maar sedert 1936 was sy lektrise aan die U.S. Gedurende 1955 en 1956 het sy in die V.S.A. en Europa navorsing gedoen i.s. aspekte van huishoudkunde.

Die kontak met haar studente was immer vir haar 'n vreugde. Sy word 'n bedrywige rustyd toegewens.

Nuwe Kampusse van U.S.

Met die opening van die U.S. het die Rektor, prof. H. B. Thom, 'n verklaring uitgereik i.s. die groeirigtings van die Universitet. Prof. Thom het gesê dat in die jongste tyd daar dikwels melding gemaak is van die geweldige groei van die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie groei was inderdaad fenomenaal, want teenoor die ongeveer 2,100 studente wat in 1953 aan die Universiteit ingeskryf was, was daar in 1967 byna 6,900. Hierby moet in aanmerking geneem word dat die U.S. jaarliks 'n groot getal voornemende studente nie kan aanneem nie, sodat, as die U.S. die nodige ruimte gehad het, die getal veel hoër sou gewees het.

Sommige mense meen dat die Universiteit te „groot" geword het, dat Stellenbosch, as dorp „oorlaai" word en dat die studente vir 'n „woningnood" op Stellenbosch verantwoordelik is.

Die Rektor het gemeld dat die Universiteit van Stellenbosch met sy elf fakulteite – naas die Universiteit van Pretoria – onder S.A. se universiteite vandag oor die grootste aantal fakulteite beskik, en dat hy uit die aard van die saak in 'n groot verskeidenheid van landsbehoeftes voorsien en dus 'n groot studentetal sal hê.

Maar omdat die Universiteit van Stellenbosch teen die gevaar van oorlading van Stellenbosch waak, het die Universiteitsraad bv. gedurende die afgelope vyf jaar 'n hele aantal koshuise opgerig, feitlik 'n nuwe Universiteitskampus op Vorentoe en die sg. ou Gholfbaan ingerig en ook sportfasiliteite vir die studente meer as verdubbel. Die aanvaarde beleid is om die Universiteitsterreine meer noordwaarts en noordooswaarts van die middedorp uit te brei. Hiervan getuig die oprigting van die Paul Sauer-gebou vir Bosbou, wat reeds op die ou Gholfbaan staan, en die nuwe gebouekompleks van die Fakulteit van Ingenieurswese wat tans daar gebou word. Die groot nuwe Instituut vir Hidromeganika wat die W.N.N.R. binnekort op 'n deel van die Universiteitsgrond sal oprig, word ook op Vorentoe gebou.

Besoekers

Franse Geneeshere met Besoek

'n Groep van sestien Geneeshere uit Frankryk het onlangs 'n besoek gebring aan die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch by die Karl Bremer-hospitaal.

Hulle het veral belangstelling getoon in die werk in verband met orgaanoorplanting. Tydens die middaguur is hulle deur die Hospitaal vir middagete onthaal.

Matieland se fotograaf het die besoekers op hulle uitgebreide besigtigingstog deur die navorsingsfasiliteite van die Fakulteit vergesel.



Die besoekers luister aandagtig na 'n beskrywing van die orgaanbewaringstelsel, waarin niere bewaar word vir latere hertransplantering.



Die besoekers het ook die geleentheid gehad om 'n operasie in die eksperimentele teater by te woon. Hier is dr. G. P. Murphy, van die Johns Hopkins Universiteit in die V.S.A., besig om 'n belangrike deel van 'n nieroorplantingsoperasie te beklemtoon.

'n Besoek is ook gebring aan die eksperimentele hartchirurgie teater. Op die foto kan die hart-longmasjien, wat by ope-hart operasies gebruik word, duidelik gesien word. Die hartchirurg by die Karl Bremer-hospitaal is hier besig om aan die Franse sekere Anatomiese punte in die borskas van 'n bobbejaan te verduidelik.

Tydens die middagete het die besoekers geleentheid gehad om gesellig te verkeer met Geneeshere van die Universiteit se Fakulteit van Geneeskunde. Hulle het ook kennis gemaak met die uitstekende Suid-Afrikaanse wyne. Op hierdie foto verskyn links dr. Colvez en regs dr. Cachera, leier van die groep geneeshere uit Frankryk.

Stellenbosch – 'n Suid-Afrikaanse Coimbra

Wie die Kaapse pad noordwaarts volg, bevind homself, binne 'n korte tydjie, in die hart van 'n tuin.

Ons motor snel voort na die ou dorp van Stellenbosch.

Tafelberg word agtergelaat.

„Uit die blou van onse hemel . . ."

Meteens! Daar lê Stellenbosch tussen die bome, met sy ou gewitte huise, hulle hoë gewels bokant die voordeure – iets soos die vooraansig van die kerkie van Nossa Senhora da Saude.

Ons gaan verby die universiteitsgeboue, waardig, verwelkomend, sterk. Waarom kom Coimbra in my gedagte op?

Tot my vreugde het ek op 'n onverklaarbare manier tuis gevoel. My metgesel, mnr. Jordaan, wat deur die Universiteit aan my afgestaan is, het my buitengewoon sterk laat dink aan Adriaan, 'n studentemaat van Viano do Castelo.

Wat die meeste tel, is vriendskap. Dit groei op die grondslag van wedersydse kennismaking, want jy kan nie iemand liefhê wat jy nie ken nie. En Portugal en Suid-Afrika, hoewel buurstate en verbonde deur gemeenskaplike belange en bande van die geskiedenis, ken nie mekaar nie.

Die huidige oomblik van die geskiedenis en die onheilige verbond van ons vyande teen ons, vereis dat ons mekaar se kulture en eienaardighede moet leer ken – vriende op die pad van die toekoms.

Stellenbosch Uma Coimbra Sul-Africana

Quem seguir do Cabo para o norte, encontra-se, pouco tempo andado, no meio dum jardim.

O automóvel seque veloz, rumo à velha cidade de Stellenbosch.

Mesa fica para tras, ultrapassada.

„Lá do aqul do nosso céu . . ."

Ek het die voorreg gehad om prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, woorde van waardering en begrip teenoor Portugal te hoor spreek, gepaard met 'n verbasende begrip van ons geskiedenis.

Hoe sal ek nie daarvan hou dat die Universiteit van Coimbra, die skatkamer van Portugese tradisies, sy hand sal reik aan sy eweknie van Stellenbosch, en anders om, deur middel van professore en studente nie!

(Die voorafgaande is 'n verkorte weergawe van 'n artikel in Novidades, Lissabon, van 6 September 1967, deur dr. Francisco José Velozo, wat Stellenbosch in die eerste helfte van 1967 besoek het. Sien *Matieland,* Augustus 1967.

Die artikel is deur mnr. Cyrus Smith aan die Rektor, prof. Thom, gestuur en is ontvang enkele oomblikke voordat prof. Thom oorsee vertrek het. In Lissabon is prof. en mev. Thom oorweldig met gasvryheid, veral deur dr. Velozo wat hom o.a. sterk beywer vir die studie van Afrikaans.

Coimbra is 'n Portugese universiteitsdorp ongeveer 20 myl noord van Lissabon. – Red.)

Die Ingenieurs Vergader

Die gesamentlike Raad van Professionele Ingenieurs het op Stellenbosch in die Wilcocks-gebou van 5 tot 7 Februarie 1968 hulle vierde konferensie oor die opleiding van ingenieurs gehou.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, het die aanwesiges, verteenwoordigend van oor die land, verwelkom en gemeld dat die Ingenieursfakulteit van Stellenbosch studente van hoë gehalte trek vanweë die groot getal aansoekers uit wie gekeur kan word.

Die vyfjarige kursus wat aangebied word, word al meer as 'n behoefte gevoel. Dit bring mee 'n toename in studentegetalle, maar vereis ook addisionele akkommodasie en toerusting.

Die Rektor het gemeld dat reeds begin is met die eerste groot gebou van drie stadia van die nuwe ingenieurskompleks.

Die Rektor verkies om te praat van die *opvoeding* en nie die *opleiding* van ingenieurs nie, want hy dink aan die stimulering van die gees tot oorspronklike denke en nie net aan die opleiding vir handvaardighede nie.

V.l.n.r.: *Prof. D. W. de Vos (U.K.), dr. C. M. Krüger (Besturende Direkteur YSKOR), proff. J. E. Jennings (Univ. Witwatersrand), C. du Toit (Univ. Pretoria) en J. F. Kemp (Univ. Stellenbosch).*



Gelukwense

Matie in Vliegtuignywerheid

Mnr. A. J. de M. van Zijl, Posbus 11, Kempton Park, het aan die einde van 1966 in die diens van die Atlas Vliegtuigkorporasie getree. Na etlike maande oorsee waar hy die vervaardigingstegnieke en produksiebeplanning bestudeer het, is hy bevorder tot Assistent-Bestuurder in beheer van alle produksiebeplanning en -beheer.

Hierdie oud-Matie wil weet of sy ou koshuis, Huis Marais, vanjaar gaan reünie hou om sy mondigwording te vier! Hy wil graag kom.

Mnr. Wynand Louw

Mnr. H. J. Louw, Derwentweg, Kaapstad, skryf n.a.v. die beriggie oor wyle mnr. Wynand Louw in *Matieland* van Desember 1967:

„Hy was die argitek wat die Kampus ontwerp het toe feitlik net die ou Victoria Kollege-gebou bestaan het. Afgesien van verskeie koshuise (o.a. Dagbreek) het hy die geboue vir die biblioteek, Administrasie, (ou) Landbou, Chemie, Fisika en die swembad ontwerp.

Het zalig Roemershuis
Wiens vloer betreden werd,
Wiens dorpel werd gesleten
Van zangers, konstenaars,
Van digters en poëten.

Matie uit S.W.A. Presteer

'n Matie wat vir die eerste keer in die geskiedenis 'n intensiewe studie gemaak het van die voedingswaarde van die natuurlike weiveld in die verre noorde van S.W.A. het Vrydag die M.Sc.-graad in Landbou *met onderskeiding* aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang.

Eckhart Fryer is die hoofnavorsingsbeampte op die landbouproefplaas Uitkomst in die Grootfontein-distrik, 150 myl vanaf die Okavango-grens. Hy het twee jaar gelede die Hons. B.Sc in Landbou, ook met onderskeiding, aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Sy skripsie handel oor: „Die Voedingswaarde van Palmvlakte-veldweiding in S.W.A. vir beesvleisproduksie". Dit is in baie opsigte baanbrekerswerk waarvan die resultate reeds met voordeel aangewend word deur beesboere in die noordelike gebiede van S.W.A.

Mnr. D. F. Stassen, B.Comm. (Stell.), is aangestel as die nuwe hoof van die Kollege vir Handel, Huishoudkunde en Kuns op Stellenbosch vanaf 1 Januarie 1968. Hy neem die plek van mnr. C. F. Heyns wat in Augustus 1967 oorlede is.

Mnr. S. P. (Fanie) Botha is aangestel as Adjunkminister van Waterwese. Hy het in 1945 die B.Comm.-graad op Stellenbosch behaal.

Mev. Botha (B.Sc. Huishoudkunde) is ook 'n oud-Matie en was o.a. lektrise in Voedingsleer en Kookkuns aan die Universiteit.

Een Goede Voorvechter

„Dit was bijzonder aardig van u *Matieland* met de foto van mijn eregasten open te maken. Van mijn kant kan ik u verzekeren dat ik Zuid-Afrika en Stellenbosch niet zal vergeten en uw Volk een zeer warm hart zal blijven toedragen."

„U zult aan me een goede voorvechter van uw zaak hebben . . ."

Dr. A. Mariën, Ambasade van België, Quito (Ecuador).

16 Januarie 1968.

Oud-Maties

Matiedames van 1910 tot 1917

„Tot dusver my herinneringe van oor 'n half-eeu gelede, en hoe het ek dit nie geniet om so in die verlede rond te tas nie!"

So skryf mev. Rhoda Malan van Rust-der-Winter. Mev. Malan, die dogter van Oom Japie (Home) Krige, was van 1910 tot 1912 en van 1915 tot 1917 'n Matie. Dit was die dae toe 'n damestudent iets raars was en toe 'n woord soos *vroueregte* nog nie bestaan het nie.

Die Convivial

Die eerste vordering tot erkenning van dames se menseregte was toe hulle toegelaat is as lede van die Kollege se debatsvereniging. Dit het egter dadelik tot 'n konstitusionele strydpunt gelei oor die vraag of dames, synde lede van die debatsvereniging, wel vanselfsprekend toegelaat sou word tot die „convivial" aan die einde van die jaar.

Apartheid

Die „convivial" was gewoonlik taamlik lawaaierig en het gepaard gegaan met die verslinding van 'n oormaat lekkernye. Die meerderheid van die mans het besluit dat die atmosfeer nie vir dames geskik was nie, maar 'n groot toegewing is gemaak – die dames kon hul eie partytjie hou in 'n klaskamer.

Chaperone

Mev. (prof.) Morrison is gevra om toesig oor die dames te hou, maar wie ook al versuim het, toe die dames opdaag, was daar vir hulle niks voorberei nie en mev. Morrison het toe maar met die verstotenes 'n hennepartytjie in haar eie huis gaan hou. Mev. Morrison was self 'n oud-Matie, mej. H. van der Poel.

The Shaved Barber

Op een van die vergaderings van die Debatsvereniging is die onderwerp bespreek: „Wie is die gelukkigste: die barbaar of die beskaafde?"

Mej. Marjorie Cuthbert (weduwee van dr. Wouter Malan, in lewe S.G.O. van Kaapland) het verlof gekry van die voorsitter, oud-minister Eric Louw, om in Engels te praat. Hoe het die vergadering dit nie geniet nie, toe hulle agterkom dat sy besig was om die „Barber" te verdedig teen die „man who was being shaved!"

'n College-vaandel

In 1911 het die dames onder leiding van Mattie Meiring fondse ingesamel om 'n groot vaandel in die kollege-kleure te kon maak. Op die vooraand van die Intercollege-rugbybotsing teen die Ikeys, is dit aan die kaptein van die eerste-span oorhandig. Genoeg om te sê: Ikeys is in die see gevee.

Sjokola en lewensduurte

Die gees van die tyd het sterk geloop sodat die behoudende Maties 'n kwaai stryd moes voer om te verhoed dat danspartye erkende kollegefunksies word.

In dié tyd toe vol-slank dames nog in die mode (?) was, was dit die gewoonte dat 'n student aan sy geselin na 'n konsert ook 'n doos sjokola skenk, wat amper so duur was as albei kaartjies saam.

Die murmureringe van die mans het die ore van die dames bereik. Dit, (moontlik het 'n daling in die getal skiete ook iets hiermee te doen gehad) het die dames laat besluit dat hulle alleenlik uitnodigings sou aanneem as geen sjokola aangebied word nie.

Die Common-room

Die herestudente kon spog met 'n common-room, maar al ruskamer wat die dames gehad het, was 'n

deel van die onderste saal van die Ou Hoof-gebou. Toe die nuwe gebou vir Wetenskappe verrys het, het die dames 'n versoek aan die Senaat gerig om 'n ruskamer aldaar.

Die versoek is goedgunstiglik toegestaan, maar die dames moes dit self meubileer. Deur tiekie-aande en funksies aan die huise van die professore te hou, is die geld verkry en is die kamertjie smaakvol toegerus.

Verskuiwing van Datums Landbou-simposium en Oud-Maties

Die Reëlingskomitee verantwoordelik vir die Landbou-Simposium op Stellenbosch van 9–11 April, voldoen graag aan 'n versoek van *Regeringskant* om, indien enigsins moontlik, die datums van die feesvierings van die Fakulteit van Landbou te verskuif.

Die inhuldigingsplegtigheid van die Staatspresident op 10 April bring mee dat Ministers, referente en ander betrek word by dié twee geleenthede.

Die 50-jarige viering van die Fakulteit van Landbou sal nou van *1 tot 3 Oktober 1968* plaasvind.

Die Saamtrek van Oud-Maties wat vir 11 April gereël is, verskuif gevolglik ook na *Donderdag, 3 Oktober*. Verdere besonderhede word later verstrek.

Oud-Matie Skryf 'n Musiekdramatiese Werk

Op 7 November verlede jaar het oud-Matie Cromwell Everson, musiekonderwyser op Worcester, in die Biesenbach-Saal aldaar, met die opvoering van sy *Klutaimnestra* die aandag van toneel- en musiekliefhebbers tot ver buite die dorp getrek.

Die werk wat deur die skrywer-komponis 'n musiekdrama genoem word, is gebaseer op die gebeurtenisse wat in die nanag onmiddellik na die val van Troje plaasgevind het, waarby die Griekse oorwinnaars onder aanvoering van Odusseus die Trojane probeer uitwis en die vroue in konsentrasiekampe opgesluit het.

Die skrywer trek hier 'n parallel met die gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en onderstreep dit deur die gebruik van motiewe uit Afrikaanse liedjies.

Die bykomstige musiek wat die Worcesterse komponis by sy drama geskryf het en by hierdie opvoering aan 'n klavier en slagwerk opgedra het, is seker 'n onmisbare deel van die drama. 'n Mens mis dit dan ook in die tweede bedryf waar dit maar spaarsaam



toegepas is en in die derde bedryf waar dit volkome weggelaat is, wat afbreuk aan die eenheid doen.

Die Kore van die Trojaanse vroue wat volgens die twaalftoonstelsel gekomponeer is, sowel as die kore van die Griekse soldate bewys dat Cromwell Everson met insig en kennis toneelmusiek kan komponeer.

Met sy Klutaimnestra het hierdie musikus wat tot nog toe net as komponis van kamermusiek en Afrikaanse liedere naam gemaak het, 'n belangrike stap in die rigting van die Afrikaanse opera gedoen.

DR. JAN BOUWS

Die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds

(Tjeks aan die Dr. H. F. Verwoerd-Studiefonds, p.a. mnr. F. D. Conradie, L.U.K., Posbus 456, Kaapstad.)

Saldo's oorgebring (17.10.67)	R12,525.68
Mnr. L. J. de Wet, Schlebuschstraat 17, Hennenman	10.00
Mnr. A. M. Erasmus, Posbus 2, Aughrabies ...	5.00
Mev. M. K. du Toit, Huurkop, Prieska	20.10
Prof. Jac. J. Müller, Stellenbosch	20.00
Mnr. J. P. G. Hattingh, Ndola, Zambia	10.00
Mev. E. H. M. du Toit, Crosby, Johannesburg	20.00
Mnr. J. W. van Niekerk, Windhoek, S.W.A.	10.00
Ds. B. Fourie, Zithulele-Sendingstasie, Mqanduli	20.00
Mnr. A. J. Marais, Posbus 50, Bellville	50.00
Mnr. L. A. Pienaar, Posbus 50, Bellville ...	50.00
Mnr. C. Kriel, Auckland Park, Johannesburg ...	5.00
Mnr. P. G. Steyn, Departement van Gesondheid, Pretoria	5.06
Mnr. F. van Zyl Smit, Pretoria	10.00
Ds. G. S. J. Möller, Stellenbosch	25.00
Mnr. J. J. van Lill Sadie, Posbus 2712, Pretoria	20.00
Mnr. en mev. J. F. de Wit, Pretoria	50.00
Mnr. D. G. Malan, Wardenstraat 25, Sasolburg	10.05
Mnr. N. Grace, Coetzersdam, oor Vryburg ...	10.00
Ds. J. L. Grobler, Posbus 115, Sabie	10.00
Mnr. J. B. Marais, Regopkloof, Adelaide ...	5.00
Mev. D. P. Wilson, Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch	10.00
Mev. S. E. de Wet, Posbus 722, Strand	20.00
Dr. C. R. Louw, Dennegeur, Somerset-Wes ...	100.00
Mnr. en mev. A. T. Ross, Hoërskool Outeniqua, George	20.00
Ds. en mev. J. H. Lourens, Posbus 325, Randburg	10.00
Mnr. L. de Villiers, Karasburg, S.W.A.	10.00
Ds. C. J. Burger, Nkoma, Malawi	20.00
Mnr. en mev. J. W. Minnaar, Kylestraat 11, Strand	10.00
Mnr. P. K. Morkel, Constantialaan 10, Stellenbosch	50.10
Mnr. P. M. Nel, Indiana-Universiteit, Indiana, V.S.A.	5.00
Mnr. P. Bester, Posbus 6, Limburg, Tvl. ...	25.00
Mev. A. S. Naudé, Langstraat 21, Lichtenburg	10.00
Mej. C. M. Naudé, Hoërskool, Heilbron ...	5.00
Personeel van die Afrikaanse Woordeboek, Stelbosch	30.00
Mnr. H. Wilhelmij, Mhlambanyati, Swaziland	10.00
Dr. J. D. M. Keet, Stellenbosch	5.00
Mev. W. J. Tromp, San Bernardo 33, Kaapstad	2.00
Mej. M. S. van Zyl, Hooggenoeg, Malmesbury	10.00
Prof. H. L. N. Joubert, Universiteitskollege, Fort Hare	20.05
Mnr. P. van der Merwe, Stellenbosch	5.00
Mnr. G. J. van Niekerk, Departement van Buitelandse Sake, Uniegebou, Pretoria	20.00
Mnr. S. C. Wiid, Privaatsak 2410, Louis Trichardt	5.00
Mev. M. C. van der Merwe, Brabnorweg 33, Bloemfontein	20.00
Mnr. T. Olivier, Hoërskool, Oudtshoorn	5.00
Ds. F. J. du Plessis, N.G. Pastorie, Durban ...	2.50
Mnr. P. J. Becker, Auretstraat, Paarl	3.00
Mnr. C. L. Neethling, Posbus 7, Melkbosstrand	25.00
Ds. A. J. Viljoen, Pk. Mlanda, Malawi	5.00
Mnr. J. B. le Roux, Montana, Suider-Paarl ...	50.00
Mnr. J. C. Loock, Universiteitskollege Wes-Kaapland, Kasselsvlei	2.05
Mev. Helene van Aarde, Pastoriestraat 4, Moorreesburg	2.00
Mnr. en mev. J. H. Preller, Landboukollege, Potchefstroom	50.00
Prof. C. F. G. Muller, Universiteit van S.A., Posbus 392, Pretoria	25.00
Mnr. W. C. du Randt, Posbus 1328, Bloemfontein	10.05
Mnr. G. J. Malherbe, Posbus 518, Suider-Paarl	10.00
Mnr. D. C. Kleinschmidt, p/a S.A.U.K., Umtata	5.05
N. C. Möller en Kie., Posbus 119, Graaff-Reinet	10.50
Dr. I. S. Steyn, Posbus 492, Pietersburg	10.00
Ds. en mev. J. J. G. Loots, Venterstraat 291, Capital Park, O.-Tvl.	20.20
Mnr. D. A. B. Burger, Windsorstraat 7, George	10.00
Mnr. W. J. van Schalkwyk, Posbus 1123, Pretoria	20.00
Mnr. Jan de Necker, Rand Bank Beperk, Johannesburg	50.00
Mnr. G. J. Joubert, Chibi Sendingstasie, Fort Victoria	10.00
Mnr. E. H. T. Cluver, Stellenbosch	10.00
Mev. A. S. Jonker, Selection Park, Springs ...	5.00
Mev. C. M. van der Westhuizen, Riviera, Pretoria	5.00
Mej. C. M. Malan, Universiteit, Potchefstroom	15.00
Mej. M. I. Uys, Atterburyweg 35, Rosehill, Durban	2.05

Mnr. L. J. Loock, Voortrekkerstraat 4, Knysna	20.10
Mnr. L. H. Benning, Universiteit van S.A., Pretoria	2.05
Dr. P. H. de V. Uys, Posbus 294, Pk. Louis Trichardt	5.00
Mej. A. E. M. van der Merwe, Delville, Germiston	20.00
Dr. C. J. Grobbelaar, Posbus 60, Dendron, Tvl.	20.00
Dr. P. D. Henning, Brooklyn, Pretoria	50.00
Ds. A. C. Loubser, Posbus 1049, Lichtenburg	10.00
Mej. M. E. Nienaber, Hoërskool, De Doorns	15.00
Mnr. en mev. G. de Wet, Kronendallaan 7, Stellenbosch	5.00
Dr. en mev. I. S. Terblanche, Randstraat 4, Bellville	20.00
Mnr. A. Franzen, Posbus 1630, Windhoek ...	15.00
Mnr. S. C. Oosthuizen, Daltonlaan 42, Uitenhage	10.00
Mnr. H. P. Dekker, Mofinhof 14, Pretoria ...	30.00
Mnr. J. H. Stapelberg, George	10.00
Mnr. Rocco Knobel, Nasionale Parkeraad, Pretoria	20.00
Dr. W. W. M. Eiselen, Leruberg, Sovenga ...	5.00
Dr. J. D. Smith, L.V., Posbus 127, Springfield	5.00
Mnr. J. J. de Necker, Posbus 16, Warden ...	5.00
Mej. C. F. Booysen, Tuine, Kaapstad	100.00
Mnr. J. P. A. Marais, Owenstraat, Ceres ...	25.00
Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Universiteit van Stellenbosch	60.00
Ds. C. J. du Raan, N.G. Gemeente, Villiersdorp	10.00
Hoërskool Zwaanswyk, Retreat	1,000.00
Mnr. P. W. J. Groenewald	20.00
Prof. J. R. Pauw, Randse Afrikaanse Universiteit	20.10
Rente, Trust Bank (1.7.1967 tot 13.12.1967) ...	161.84
Dr. W. W. M. Eiselen, Leruberg, Pk. Sovenga	5.00
Mnr. C. R. Venter, Dorpsigstraat 11, Stellenbosch	20.00
Mnr. D. J. Oosthuizen, Sanlam, Salisbury ...	10.10
Mnr. Paul Roux, Waterkloof, Pretoria	20.00
Mnr. J. J. Sippel, Posbus 3004, Stellenbosch ...	25.00
Mnr. D. J. Maree, Jakarandalaan, Oudtshoorn	25.00
Dr. G. S. Venter, Oranjemund, S.W.A.	25.00
Mnr. J. A. Nel, Posbus 114, Jan Kempdorp ...	5.05
Mnr. F. J. Davin, Posbus 420, Pretoria ...	25.00
Mev. H. L. U. Kay, Posbus 5128, Windhoek ...	3.05
Mev. M. Botha, Jonesstraat, Touwsrivier ...	10.00
Adv. T. E. Kleynhans, Dorpstraat, Kaapstad ...	20.00
Mnr. A. R. Havemann, Privaatsak 250, Pretoria	5.05
L. L. en A. J. Nel, Fouriesburg, O.V.S. ...	5.05
Mnr. G. S. Bosch, Posbus 227, Paarl	10.00
Mnr. C. J. Greeff, Langstraat, Montagu	10.00
Ds. W. G. Olivier, Greyton, K.P.	10.00
Mnr. J. J. Drotskie, Posbus 3313, Johannesburg	5.00
Mnr. E. J. L. le Roux, Louis Bothalaan, Queenstown	10.00
Mnr. R. R. Mitchell, Posbus 298, Barberton ...	10.00
Ds. F. J. van Loggerenberg, Wonderboom-Suid, Pretoria	10.00
Mnr. A. J. le Roux, Rustig Uitsig, Wellington	20.00
Mnr. C. H. Vermeulen, Waldene, Rondebosch	20.00
Mej. M. L. du Preez, Posbus 395, Pretoria ...	30.00
Ds. T. E. Lombard, Pleinstraat 36, Malmesbury	15.00
Dr. W. W. M. Eiselen, Leruberg, Pk. Sovenga	5.00
Rente: Volkskas Beperk	68.22
Prof. N. Sieberhagen, Universiteitskollege Wes-Kaapland	25.00
Mnr. en mev. P. J. Geustyn, Lynnwood, Pretoria	50.00
Dr. J. M. Retief, Posbus 130, Boksburg	16.00
Mnr. en mev. Alexis Zietsmann, Welkom ...	10.00
Mnr. P. J. J. van der Walt, Welgemoed, Bellville	10.00
Rente op belegging	18.08
Dr. W. W. M. Eiselen, Pk. Sovenga	5.00
Hoërskool Groote Schuur, Rondebosch	10.00
Mnr. D. J. Joubert, Pk. Colbyn, Pretoria ...	10.00
Dr. W. A. Odendaal, Brooklyn, Pretoria ...	20.00
Mnr. H. R. van der Poel, Posbus 209, Bellville	10.00
Solms van Niekerk (Edms.) Beperk – Bydrae in die vorm van skryfbehoeftes ter waarde van ongeveer R25.00	
	R15,950.13

R1,000 Van Zwaanswyk

By die prysuitdelingsfunksie van die Hoërskool Zwaanswyk in Retreat wat op 5 Desember 1967 in die skoolsaal gehou is, het mnr. S. F. du Toit, vise-hoof van die skool, (regs op foto), 'n tjek van R1,000 aan mnr. F. D. Conradie, L.U.K., oorhandig as sy skool se bydrae tot die H. F. Verwoerd-Studiefonds.

Mev. Betsie Verwoerd was ook teenwoordig by dié geleentheid.

Toneeltjies uit die Karnaval van Maart 1968 Sprokiesland is Voorgestel

1. Mnr. P. J. Lombard kroon mej. Carine Bosman m.b.v. mev. Gerrie van der Merwe.
2. V.l.n.r.:*Prinses* Brenda Hofmeyr, *Koningin* Carine Bosman, *Prinses* Marie Olivier.
3. Wilgenhof se kommentaar op die Olimpiese Spele.
4. Dagbreek en Minerva het die eerste prys vir vlotte behaal met *Aspoestertjie*. Die foto toon die kasteel.
5. Harmonie se heks uit *Die Slapende Prinses*.
6. Helderberg, Monica en Denneoord het die tweede prys behaal met *Sneeuwitjie en die Sewe Dwergies*.





Oud-Maties ! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om verandering van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan: Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname:.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.:.....Nooiensvan:.....

Werkadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Woonadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:.....

.....

Huidige Betrekking:.....

My vorige adres was:.....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.):.....

.....

.....

.....

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*.

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.):.....

.....

Bydrae: R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds*. Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)

Dis seker! Hierdie sokkie het alles wat 'n man begeer...

. . . want Wolnit Super-wolsokkies is masjienwasbaar en krimpvry gewaarborg, is viltvry en slytbestand, bly altyddeur sag en nommerpas. En die modekleure wat nooit verbleik nie, en die swierige styl van Wolnit Supers gee fleur aan *enige* drag.

Wolnit SUPER WOL-SOKKIES

die deftige wolsokkies wat weier om gedaan te raak

BY ALLE VOORAANSTAANDE HANDELAARS.

WK5982-2

As jy Bridget in Biarritz moes ontmoet . . . sou jy uitgeknip wees vir die rol in PRIMARIUS se Klassieke snit in Suiwer Nuutwol!

In 'n Primarius-pak is 'n man reg aangetrek vir enige geleentheid . . . enige nooi. Met die Internasionale Klassieke Snit vertoon jy oral op jou beste, voel jy oral op jou stukke. Primarius laat 'n man soos 'n man lyk, en daarby is hy stylreg en modereg. Met Primarius se Klassieke Snit maak u indruk in enige geselskap, enige plek ter wêreld. Deftige Primarius-pakke word gemaak van ‚Bryant-McCoy'-kamstof —Suiwer Nuutwol—en is te kry in die voorste modekleure . . . Liggrys—Mediumgrys—Houtskool —Blou op Swart—Ligte Olyfgroen—Diep Koperrooi—Donkerblou —Turkoois—Bronskleur. Waar en met wie u ook al gesien word, u is uitgeknip vir die geleentheid as u uitgevat is in Primarius. Pas een aan—en u sal sien.

SUIWER NUUTWOL

VZ008636

O.K.B. BPK.

LION
LAGER

SAB

Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur

VZ 082765/2A

Suid-Afrika se
grootste
Ford-
handelaar-
organisasie

Grosvenor Motors

VZ&R — K5450E

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap,

Borduurwerk,

Name skryf, ens.

Handaangedrewe R86.25

Motoraangedrewe R102.50

Kontantkorting: 20%

Frick – NAAIMASJIENE

Voortrekkerweg 35, Parow

Telefoon 98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids

Nasionale Boekhandel Beperk

is nie alleen die grootste uitgewersfirma in Suid-Afrika nie, hulle besit ook 'n uitgebreide netwerk van puik boekwinkels dwarsoor die land.

Kaapstad: Wandelgang, Groote Kerk-gebou, Posbus 2063.
Parow: Voortrekkerweg 386, Posbus 119.
Johannesburg: Eskomsentrum, Wolmaransstr., Posbus 9898.
Durban: Drakensberg-Boekhandel, Smithstr. 411, Posbus 1702.
Port Elizabeth: h/v Princess- en Cawoodstr., Posbus 95.
Bloemfontein: Maitlandstraat 53; Henrystr. 64, Posbus 1058.
King William's Town: Cathcartstraat 51, Posbus 107.
Pietersburg: Posbus 248 • Umtata: Posbus 259.
Windhoek: Marie Neef-gebou, Kaiserstraat, Posbus 1099.

WP MAKELAARS

Vir die beste
in
versekerings-
en
beleggingsadvies

Sanlamgebou 403,
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Telefoon 4847

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

SPAAR VIR DIE TOEKOMS

..dis waar u
die res van u lewe
gaan deurbring

Totale Bates R100,000,000. Voorsitter Dr. M. S. Louw

Saambou
BOUVERENIGING
WAAR MENS TUIS VOEL

VZ&R3772A



„Maties, ek was self 'n student. Daarom weet ek wat dit is om platsak te wees. Tog het ek elke maand probeer om 'n ietsie af te knyp en op Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging te belê. Julle ouens sal verbaas wees om te sien hoe dit groei—en wat jy daarmee kan doen as die vakansie aanbreek, of as jy sommer net 'n doedie wil skiet vir die fliek! Belê liewer julle geldjies in 'n Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente. Ander ouens kan dan nie by julle kontant leen nie en boonop verdien dit 4½% rente!

Julle Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging se kantoor is by Pleinstraat 4 en mnr. J. A. Jooste en sy mense is vriendelik en hulpvaardig."

SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING
Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Grant 6080

„Boet, dis tyd dat ek jou aan my bank bekend stel!"

„Noudat jy jou eie potjie krap, is dit dié bank wat ook vir jou 'n bate sal wees. Volkskas het my deur dik en dun bygestaan, want hulle het geweet my saak is gesond. Droogtes, slap tye . . . kom wat wil, ek weet Volkskas hou as 't ware die sambreel oor jou!

Die manne wat aan die roer van Volkskas staan, is bekendes in ons land en die aandele word deur ons eie mense besit. Daarom kan 'n mens vertroue hê in die beleid van Volkskas. 'n Beleid wat op nasionale vlak die belange van die Republiek eerste stel—en op persoonlike vlak die belange van die kliënt. Dus sal Volkskas jou nooit met roekelose krediet van die wal af in die sloot help nie. Verantwoordelike optrede, dis wat jy van Volkskas kan verwag.

Volkskas lewer alle bankdienste hier en in die buiteland. Diens is die wagwoord—en dit vereis toegewyde mense. Volkskas het sulke mense. Mense wat ook hul plek volstaan in ons gemeenskapslewe. Ek weet jy sal ook tuis voel by Volkskas."

VOLKSKAS BEPERK
(GEREGISTREERDE HANDELSBANK)
HOOFKANTOOR: PRETORIA

Volkskas staan vir flink, volledige bankdienste

VZ008064

Hoe oud sal hierdie jong man wees in die jaar 2000?

Hy sal in sy laat vyftigerjare wees — en dis nie so oud nie! Sommige van sy drome sal dan al verwesenlik wees. 'n Universitêre opleiding vir sy seun, miskien, of 'n reis om die wêreld. Hy sal kan uitsien na 'n kommervrye oudag. Hoekom? Omdat hy gespaar het. Omdat hy **op die regte ouderdom** begin spaar het deur middel van 'n Ou Mutual-uitkeerversekeringspolis. Waarom doen u dit nie ook nie? Die Ou Mutual sal vir u die regte skema uitwerk om by u drome en u beurs te pas. U sal presies weet hoeveel om gereeld opsy te sit —en dit is die maklikste manier om te spaar. Die belangrikste van alles is, van die oomblik dat die polis begin, sal u waardevolle lewensdekking geniet. Ons jong man lyk in sy skik met homself. Kan u hom kwalik neem?

DIE OU MUTUAL

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP

'N POLIS BY DIE OU MUTUAL IS U LONENDSTE BELEGGING

SAM 5493-2

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier